

MORGAN RICE

# 'N SOEKE VAN HELDE

(BOEK #1 IN DIE TOWENAAR SE SIRKEL)

Die Towenaar Se Sirkel

Morgan Rice

# ‘n Soeke van Helde

«Lukeman Literary Management Ltd»

**Rice M.**

‘n Soeke van Helde / M. Rice — «Lukeman Literary Management Ltd», — (Die Towenaar Se Sirkel)

Die Towenaar se Sirkel het al die bestanddele vir 'n onmiddellike sukses: sameswerings, teën-sameswerings, raaisels, dapper ridders, en ontluikendede verhoudings oorlaai met gebroke harte, misleiding en verraad. Dit sal sorg vir ure se vermaak, en geskik vir alle ouderdomme. Aanbeveel vir die permanente biblioteek van al fantasie lesers. Books En Movie Reviews, Roberto MattosDie #1 Besverkoper, met meer as 500 vyf ster resensies op Amazon! Van #1 Besverkoper skrywer Morgan Rice kom die debuut van ‘n skitterende nuwe fantasie reeks. ‘N SOEKE VAN HELDE (Boek #1 IN DIE TOWENAAR SE SIRKEL) handel oor die epiese mondigwording verhaal van een spesiale seun, ƞ veertien jarige van ‘n klein dorpie op die buitewyke van die Koninkryk van die Ring. Die jongste van vier, die minste gunsteling van sy pa, gehaat deur sy broers, Thorgrin besef dat hy anders is as die ander. Hy droom daarvan om ƞ groot vegter te word, om by die Koning se manne aan te sluit en die Sirkel te beskerm teen die hordes kreature aan die ander kant van die aardtrog. Met sy mondigwording en verbied deur sy pa om te probeer aansluit by die Koning se Legioen, weier hy om nee te aanvaar as antwoord: hy vertrek alleen, vasbeslote om sy weg te dwing tot in die Koning se Hof en ernstig opgeneem te word. Die Koning se Hof wêmel met sy eie familie dramas, magstryd, ambisies, jaloesie, geweld en verraad. Koning MacGil moet ‘n opvolger kies tussen sy kinders, en die antieke Bestemmings Swaard, die bron van al hulle mag, is steeds onaangeraak, wagtend vir die geskose een om op te daag. Thorgrin daag op as “n buitestaander en veg om aanvaarding, en om by die Koning se Legioen aan te sluit. Thorgrin kom tot die besef dat hy geheimsinnige kragte besit wat hy nie verstaan nie, dat hy oor n spesiale geskenk beskik, en “n spesiale bestemming het. Teen alle verwagtinge in raak hy verlief op die koning se dogter en soos hulle verbode liefde ontluik, besef hy dat hy kragtige teenstaanders het. In sy stryd om sin te maak van sy kragte, neem die koning se towenaar hom onder sy vlerk en vertel hom van ‘n moeder wat hy nooit geken het nie, in ‘n land ver weg, anderkant die aardtrog, selfs anderkant die land van die Drake. Voor Thorgrin kan onderneem om uit te gaan en die vegter te word waarna hy hunker, moet hy sy

opleiding voltooi. Dit mag egter kortgeknip word, waneer hy aangedrewe word te midde van koningklike sameswerings en teen sameswerings, die tipe wat sy liefde kan bedreig en hom ten gronde laat---en die hele koningkryk met hom. Met sy gesofistikeerde wêreld-bou en karakteriseering, is ‘n SOEKE VAN HELDE, ‘n epiese verhaal van vriende en verliefdes, van mededingers en minnaars, van ridders en drake, van intriges en politieke gekonkel, van mondigwording, van gebroke harte, van misleiding, ambisie en verraad. Dit is n verhaal van eer en moed, van lot en bestemmings, van towery. Dit is ‘n fantasie wat ons in ‘n wêreld inneem wat ons nooit sal vergeet nie en wat verwelkom sal word deur alle ouderdomme en geslagte. Dit is 82, 000 woorde. Boeke #2--#17 in die reeks is ook nou beskikbaar! (N) vermaaklike epiese fantasie. -Kirkus Resensies Die begin van iets merkwaardig is daar. San Francisco Boek Resensie Aksie-belaai.. Rice se skrywe is solied en die uitgangspunt interessant. Uitgewers Weekliks n Begeesterde fantasie.. dit is net die begin van wat belowe om ‘n epiese jong volwasse reeks te wees. -Midweste Boek Resensie

© Rice M.
© Lukeman Literary Management Ltd

# Содержание

HOOFSTUK EEN 11
HOOFSTUK TWEE 17
HOOFSTUK DRIE 24
HOOFSTUK VIER 30
HOOFSTUK VYF 35
HOOFSTUK SES 39
Конец ознакомительного фрагмента. 42

‘N SOEKE VAN HELDE

(BOEK #1 IN DIE TOWENAAR SE SIRKEL)

MORGAN RICE
Oor Morgan Rice

Morgan Rice is die #1 bestverkoper skrywer van Die Vampier Joernale, ‘n jong volwasse reeks uit elf boeke (en tellend); die #1 besverkoper reeks DIE OORLEWINGS TRILOGIE, ‘n na-apokaliptiese riller bestaande uit twee boeke (en tellend); en die #1 besverkoper epiese fantasie reeks DIE TOWENAAR SE SIRKEL bestaande uit dertien boeke (en tellend).

Morgan se boeke is beskikbaar in klank en druk weergawe, en vertalings van die boeke is beskikbaar in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Portugees, Japanees, Chinees, Sweeds, Nederlands, Turks, Hongaars, Czech en Slovaans. (met nog tale komend).

Morgan hou daarvan om van julle to hoor, so besoek gerus www.morganricebooks.com om aan te sluit by die epos lys om ‘n gratis boek te ontvang, ontvang gratis weggepryse, laai die gratis applikasie af, ontvang die nuutste eksklusiewe nuus, Koppel op Facebook en Twitter, en bly in verbinding!
Uitverkore Lof vir Morgan Rice

“n Begeesterde fantasie wat elemente skets van mistiek en intrigue in die storie lyn. N SOEKE VAN HELDE is oor waagmoed en die forming van ‘n lewensdoel wat lei tot groei, volwassenheid en uitnemendheid…. Vir diegene wat lywige fantasie avonture soek, die hooffigure, die toestelle, en aksie voorsien n lewenskragtige stel ontmoetings wat fokus op Thor se evolusie van ‘n dromerige jong kind, tot ‘n jong volwassene wat die onmoontlike aandurf in die stryd om oorlewing…Dit is net die begin van ‘n belowende epiese jong volwasse reeks.
Midwest Boek Resensie (D. Donovan, eBoek Beoordelaar)

“Die Towenaar se Sirkel” het al die bestandele vir ‘n kits sukses: sameswerings, teen-sameswerings, raaisels,dapper ridders, en ontluikende verhoudings met gebroke harte, misleiding and verraad. Dit sal sorg vir ure se vermaak, en geskik vir alle ouderdomme. Aanbeveel vir die permanente biblioteek van alle fantasie lesers.”
--Boeke en Fliek Resensies, Roberto Mattos

“Rice se vermaaklike epiese fantasie (DIE TOWENAAR SE RING) sluit klassieke eienskappe van die genre in – n sterk omgewing, hoogs geinspireerd by antieke Skotland en sy geskiendenis, sowel as n goeie sin van hof intrige.”

---Kirkus Resensies“ Ek hou van die manier waarop Morgan Rice Thor se karakter sowel as die wêreld waarin hy leef geskep het. die landskap sowel as die creature wat dit bewandel het is baie goed uitgebeeld…. ek het veral (die plot) geniet. Dit was kort en kragtig… Daar is net die regte hoeveelheid klein karakters sodat jy nie deurmekaar raak nie. Daar was avonture en hartverskeurende oomblike, sonder dat die uitgebeelde aksie te buitensporig was nie. Die boek is die perfekte leesstof vir tieners….Dit is die begin van iets merkwaardigs….”
---San Francisco Boek Resensie

“IN die aksie belaaide eerste boek in die epiese fantasie Towenaar se Ring (wat huidiglik uit 14 boeke bestaan), stel Rice die lesers voor aan die 14-jarige Thorgrin ‘Thor”McLeod, wie se droom dit is om aan te sluit by die Silwer Legioen, die uitverkore ridders wat die koning dien…. Rice se skrywe is solied en die uitgangspunt vol intrige.”

---- Publikasies Weekliks

“(‘N SOEKE VAN HELDE) is vinnige, maklike leesstof. Die einde van die hoofstukke maak seker dat jy wil lees wat volgende gebeur en dit nie wil neersit nie. Selfs die tikfoute en deurmekaar name trek nie jou aandag af van die algehele storielyn nie. Die einde van die boek het gemaak dat ek dadelik die volgende boek wou hê en dit is wat ek gedoen het. Al nege boeke in die reeks van die Towenaar se Sirkel is tans te koop op die Kindle winkel met die Soeke van Helde huidiglik gratis om jou te help om te begin! As jy vinnige, prettige leesstof soek tydens ‘n vakansie sal die boek perfek wees.”

--FantasyOnline.net

Boeke deur Morgan Rice

DIE TOWENAAR SE SIRKEL
‘N SOEKE VAN HELDE (Boek #1)
‘N MARSEERING VAN KONINGS (Boek #2)
DIE LOT VAN DRAKE (Boek #3)
DIE ROEP VAN EER (Boek #4)
‘N GELOFTE VAN GLORIE (Boek #5)
DIE PRYS VAN DAPPERHEID (Boek #6)
‘N SEREMONIE VAN SWAARDE (Boek #7)
‘N SKENKING VAN WAPENS (Boek #8)
‘N HEMEL VAN BETOWERING (Boek #9)
‘N OSEAAN VAN BESKERMING (Boek #10)
‘N MAG VAN STAAL (Boek #11)
‘N LAND VAN VLAMME (Boek #12)
‘N BEWIND VAN KONINGINSKAP (Boek #13)
‘N EED VAN BROEDERS (Boek #14)

DIE OORLEWINGS TRILOGIE
ARENA EEN: SLAVERSUNNERS (Boek #1)
ARENA TWEE (Boek #2)

DIE VAMPIER JOERNALE
KEERPUNT (Boek #1)
BEMINDE (Boek #2)
VERRAAD (Boek #3)
BESTEMMING (Boek #4)
BEGEERTES (Boek # 5)
VERLOWING (Boek #6)
GELOFTE (Boek #7)
VONDS (Boek #8)
OPSTANDING (Boek #9)
HUNKERING (Boek #10)
NOODLOT (Boek #11)


THE SORCERER'S RING
QUEST HEROES
MARCH KINGS
FATE DRAGONS
CRY HONOR
VOW GLORY
CHARGE VALOR
RITE SWORDS
GRANT ARMS
SKY SPELLS
SEA SHIELDS
REIGN STEEL
LAND FIRE
RULE QUEENS
THE SURVIVAL TRILOGY
ARENA ONE
the vampire journals
turned
loved
betrayed
destined
desired
betrothed
vowed
found
resurrected
craved
fated




Luister na DIE TOWENAAR SE SIRKEL reeks in klank boek format!

Kopieregte 2012 deur Morgan Rice

Alle regte voorbehou. Behalwe soos toegelaat onder die U.S. Kopiereg Wet van 1976, geen deel van hierdie publikasie mag weergegee, versprei of oorgedra word in enige vorm of metode, of gestoor word in ‘n databasis of herwinning stelsel, sonder die toestemming van die skrywer nie.

Hierdie eboek is gelisensieër slegs vir persoonlike genot. Hierdie eboek mag nie herverkoop of weggegee word aan ander persone nie. Indien u die boek wll deel met ander persone, koop asseblief ‘n addisionele kopie vir elke ontvanger. Indien u hierdie boek lees sonder om te gekoop het, of dit was nie gekoop vir u gebruik alleenlik nie, handig dit asseblief terug en koop n kopie. Dankie dat u die harde werk van die skrywer respekteer.

Die verhaal is fiktief. Alle name, karakters, besighede, organisasies, plekke, gebeure, en insidente is of die produk van die skrywer se verbeelding of is fiktief gebruik. Enige ooreenkoms met spesifieke persone, lewend of dood is geheel en al toevallig.

Boek omslag Kopiereg RazoomGame, gebruik onder lisensieëring van Shutterstock.com.

INHOUD

HOOFSTUK EEN
HOOFSTUK TWEE
HOOFSTUK DRIE
HOOFSTUK VIER
HOOFSTUK VYF
HOOFSTUK SES
HOOFSTUK SEWE
HOOFSTUK AGT

HOOFSTUK NEGE
HOOFSTUK TIEN
HOOFSTUK ELF
HOOFSTUK TWAALF
HOOFSTUK DERTIEN
HOOFSTUK VEERTIEN
HOOFSTUK VYFTIEN
HOOFSTUK SESTIEN
HOOFSTUK SEVENTIEN
HOOFSTUK AGTIEN
HOOFSTUK NEGENTIEN
HOOFSTUK TWINTIG
HOOFSTUK-EEN-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-TWEE-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-DRIE-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-VIER-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-VYF-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-SES-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-SEWE-EN-TWINTIG
HOOFSTUK-AGT-EN-TWINTIG

"Ongemaklik is die hoof wat die kroon dra."

---William Shakespeare
Henry IV, Part II

# HOOFSTUK EEN

Die seun staan op die hoogste heuwel van die lae gebied van die Westelike Koningkryk van die Sirkel, met sy blik op die noorde, kyk hy na die sonsopkoms. So ver as wat sy sig strek is rollende groen heuwels, golwende eb en dalinge soos n kameel homp in n reeks van berge en dale. Die helder oranje strale van die vars oggend son luier in die oggend mis, verhelderend en met n magiese betowering wat die seun se gemoed weerspieël. Hy is selde wakker of dwaal ver van sy huis die tyd van die oggend – ook nooit so hoog nie- hy weet hy sal sy vader se wrag ontwaan. Maar vandag, gee hy nie om nie. Vandag, verontagsaam hy die miljoen reëls and regulasies wat hom onderdruk het gedurende sy veertien jaar. Hierdie dag is anders. Dit is die dag dat sy bestemming aangebreek het.

Die seun, Thorgrin van die Westelike Koningkryk van die Suidelike Provinsie van die McLeod group – alombekend as Thor – die jongste van vier seuns, waarvoor sy vader die minste liefde toon, het die hele nag wakker gebly in afwagting vir hierdie dag. Hy het die hele aand gespook en gespartel, leep-oog vanoggend, die son aangepor om op te kom. Want ’n dag soos vandag breek net een keer aan in menige jare, as hy dit mis sal hy in die klein gemeenskap vasgevang wees om vir altyd sy pa se skaapwagter te wees. Dit was ’n gedagte wat hy nie kon verduur nie.

Diensplig Dag. Dit is die dag wanneer die Koning se soldate deur die provinsies skif vir vrywilligers vir die Koning se Legioen. So lank as wat hy lêwe, droom Thor oor niks anders as dit nie. Vir hom wentel die lêwe net oor een ding: om aan te sluit by Silwer, die koning se uitverkore mag van bekroonde soldate, uitgevat in die beste pantser en uitgekieste wapens nêrens ander bekombaar in die twee koningkrykte nie. Niemand kan die Silwer betree sonder om eers by die koning se Legioen aan te sluit nie, die groep adelikes met wissellende ouderdomme vanaf veertien tot negentien jaar. As jy nie die seun van ‘n adelike of ‘n befaamde vegter was nie, is daar geen ander manier om by die Legioen aan te sluit nie.

Diensplig dag was die een uitsondering, die rare geleentheid elke paar jaar wanneer die legioen die land besoek in die werwing van nuwe soldate. Almal is bewus daarvan dat gewone volk selde verkose word en dat selfs nog minder die Legioen behaal.

Thor bespied die horison intens, op soek na enige teken van beweging. Hy weet die Silwer sal hierdie pad langs kom, die enigste pad na sy klein dorpie en hy wil hulle eerste bespied. Sy skaap kudde protesteer om hom, wel op in hinderlike kreune en por hom aan om hulle berg af te vat, daar waar weiding sappiger is. Hy probeer die lawaai en die reuk ignoreer. Hy moet nou konsentreer.

Wat dit alles draaglik gemaak het, al die jare van skape oppas, om sy pa se slaaf te wees, sy ouer broers se slaaf te wees, die een wat die hardste gewerk het en die minste waardeer was, was die gedagte dat hy een dag die plek sal verlaat. Eendag, waneer die silwer kom, sal hy almal verras wat hom te min geag het en een van die uitverkorenes wees. In een vinnige beweging, gaan hy van die wa afspring en dié bestaan vaarwel toe roep.

Thor se pa het hom natuurlik nooit ernstig oorweeg as ’n kandidaat vir die Legioen nie---in teendeel, hy het hom nog nooit oorweeg as kandidaat vir enigiets nie. In plaas daarvan het Thor se drie ouer broers hulle pa se onverdeelde liefde en aandag geniet. Die oudste was negentien en die ander veskil ’n jaar elk, wat Thor drie jaar jonger maak. Dit mag wees omdat die ouderdoms verskille klein was, of dat hulle mekaar se ewebeeld was en hemelsbreed van Thor verskil, dat hulle n groep gevorm het en skaars van Thor se bestaan bewus was.

Selfs erger, was dat hulle, langer, breër en sterker as hy was en Thor, wie geweet het hy is nié kort nie, het nietemin klein langs hulle gevoel, het gevoel sy gepierde bene is tingerig in vergelyking met hulle boom stompe. Sy pa het geen poging aangewend om enigiets daaromtrent te herstel nie – in teendeel dit het gelyk asof hy genot daaruit put – en Thor gelos om die skape te versorg en wapens skerp te maak, terwyl sy broers toegelaat is om te oefen. Dit was nie ‘n gesproke woord nie, maar altyd verstaan dat Thor sy lewe op die agtergrond sal deurbring en geforseer sal wees om toe te kyk,

hoe sy broers presteer en groot hoogtes bereik. Sy lot, as sy pa en broers hulle sin kon kry, sou wees om hier te bly, verswelg deur die dorpie, en vir sy familie die ondersteuning te gee wat hulle eis.

Erger steeds was dat Thor aangevoel het dat sy broers skynbaar bedreig gevoel het deur hom,en hom miskien selfs gehaat het. Thor kon dit sien in hulle elke blik en blyke. Hy het nie verstaan hoe nie, maar hy het iets soos vrees, of jaloesie, in hulle verwek. Dalk was dit omdat hy anders as hulle was, het nie hulle voorkoms gehad of hulle manier van praat en optrede gehad nie. Hy het nie eens soos hulle geklee nie, sy pa het die beste---die pers en skarlaken mantels, die vergulde wapens---gereserveer vir sy broers, terwyl Thor gelaat is om die grofste vodde te dra.

Nietemin, het Thor die beste gemaak van wat tot sy beskikking was, ‘n manier gevind om sy klere te laat pas, die hemp met ‘n gordel om sy middel vasgemaak, en noudat dit somer was, die moue afgesny sodat sy gespierde arms gestreel word deur die briese. Sy hemp het gepas by sy growwe linne broek---sy enigste---en stewels van die swakste kwaliteit leer, opgeryg om sy enkels. Dit was nie die kwaliteit van sy broers se skoene nie, maar sy skoene kon die werk doen. Sy uniform was die tipiese uniform van ‘n veewagter.

Maar hy het nié die tipiese houding gehad nie. Thor was lank en lenig, met ‘n trotse kakebeen, adel ken, hoë wangbene, groen oë en lyk soos n misplaasde krysman. Sy reguit, bruin hare lê golwend op sy kop, net verby sy ore, en agter die krulle, glinster sy oë soos sterre in die maanlig.

Thor se broers sal toegelaat word om laat te slaap vanoggend, ‘n hartlike ontbyt geniet, en oppad wees na die Verkiesing met die beste wapens en sy pa se seën – terwyl hy nie eens toegelaat sal wees om dit by te woon nie. Hy het een keer vantevore probeer om die kwessie by sy pa te opper. Dit het nie goed afgeloop nie. Sy pa het summier die gesprek beindig, en hy het nie weer probeer nie. Dit was net nié regverdig nie.

Thor was vasbeslote om die lot wat sy pa vir hom beplan het, te verwerp. Met die eerste teken van die koningklike gevolg, sal hy terug naêl huis toe, sy pa konfronteer, en of hulle nou daarvan hou of nie, himself voorstel aan die Koning se manne. Hy sal saam met die ander staan vir verkiesing. Sy pa kan hom nié keer nie. Hy voel sy maag saamtrek met die blote gedagte daaraan.

Die eerste son het gestyg, en met die opkoms van die tweede liggroen son, wat ‘n laag van lig voeg by die pers hemelruim, sien Thor hulle raak.

Hy staan reguit, hare penorent, geëlektrifiseer. Daar op die horison, is die vaê buitelyn van n perde getrekte koets, met stof wolke wat opstyf van die wiele af. Sy hart klop vinniger as hy nog een gewaar; en nog een. Selfs van hier af skitter die goue koetse in die son, soos glimmende visse wat in en uit die water baljaar.

Teen die tyd dat hy twaalf van hulle getel het, kon hy nie langer wag nie. Met ‘n kloppende hart in sy borskas en vir die eerste keer in sy lewe vergeet hy van sy kudde, Thor draai om en strompel teen die heuwel af, vasbeslote dat niks hom sal keer totdat hulle van hom bewus is nie.

Thor stop skaars vir asem terwyl hy by die heuwel af naêl, deur die bome, onbewus van krappende take. Hy bereik ‘n opening en sien sy dorpie onder uitgestrek, ‘n lomerige landelike dorpie besaai met wit enkellaag, klei huise met gras dakke. Waar etlike dosyne families woonagtig is. Rook styg vanuit etlike skoorstene, aangesien meeste al vroeg wakker is om oggend ete voor te berei. Dit was ‘n idilliese plek, net ver genoeg---‘n dag se reis---van die Koning se Hof om verbygangers af te sit. Net nog ‘n plaas dorpie op die rand van die Sirkel, nog‘n rat in die wiel van die Westelike Koningkryk.

Thor bars deur die finale afstand, tot in die dorps vierkant, stofwolke so ver as wat hy gaan. Hoenders en honde spartel links en regs, en ‘n ou vrou, wat hurkend buite haar huis voor n kookpot borrelende water sit, sis vir hom.

“Stadig, seun!” skree sy as hy verby naêl, terwyl hy stofwolke in haar vuur skop.

Thor sou nie sy spoed vertraag nie --- nié vir haar nie, nié vir enigiemand nie. Hy draai af in een dwarsstraat, dan nog een, heen en weer oor die pad wat hy so goed ken, tot hy die huis bereik.

Dit was ‘n klein, onopvallende woning soos al die ander met sy wit klei mure en hoekige gras dak. Soos meeste van hulle, is die enkelkamer verdeel, sy pa wat op die een kant slaap en sy drie broers

op die ander kant; anders as meeste van die ander, is daar ‘n klein hoenderhok agter, en dit was hier waarheen Thor verban is om te slaap. Hy het eers by sy broers geslaap, maar met tyd het hulle groter geraak, en wreder and meer eksklusief, en n punt daarvan gemaak om nie vir hom spasie te los nie. Thor was seergemaak, maar nou waardeer hy sy eie spasie, en verkies om uit hulle teenwoordigheid te wees. Dit was vir hom ‘n bevestiging dat hy die banneling in sy familie is wat hy reeds geweet het hy was.

Thor hardloop tot by sy voordeur en bars deur sonder om te stop.

“Vader!” skreeu hy, hygend na asem. “Die Silwer! Hulle is oppad!”

Sy pa en drie broers sit vooroorgeboë by die ontbyt tafel, reeds geklee in hulle beste. Met sy woorde spring hulle op en pyl by hom verby, stampend teen sy skouers, uit die huis en in die straat in.

Thor het hulle gevolg, en saam hou hulle die horison dop.

“Ek sien niemand, “ antwoord Drake, die oudste, in sy diep stem. Met die breedste skouers, hare kort geknip soos sy broers, bruin oe, en dun, afkeurende lippe, frons hy soos gewoontlik, vir Thor.

“Ek ook nie,” herhaal Dross, net n jaar jonger as Drake, en altyd aan sy kant.

“Hulle is oppad!” se Thor weer. “Ek sweer!”

“En hoe sal jy weet?” eis hy.

“Ek het hulle gesien.”

“Hoe? Van waar af?”

Thor huiwer; sy pa het hom uitgevang. Hy weet natuurlik die enigste plek vanwaar Thor hulle kon bespied is vanaf die hoogste punt van daardie heuwel. Thor is nou onseker hoe om te antwoord.

“Ek…het die heuwel geklim---“

“Met die kudde? Jy weet hulle mag nie so ver gaan nie.”

“Maar vandag was anders. Ek moes sien.”

Sy pa gluur hom aan.

“Gaan onmiddelik in en gaan haal jou broers se swaarde en poets hulle skede, sodat hulle op hulle beste kan lyk voor die Koning se manne arriveer.”

Sy pa, klaar met hom, draai terug na sy broers, waar hulle in die straat staan en uitkyk.

“Dink pa hulle sal ons kies?” vra Durs, die jongste van die drie, maar drie jaar ouer as Thor.

“Hulle sal dwaas wees indien nie,” antwoord sy pa. “Hulle het n tekort aan manne die jaar. Dit was ‘n skraal oes – anders het hulle nié die moeite gedoen om te kom nie. Staan net parraat, die drie van julle, kenne omhoog en borskaste uit. Moet hulle nie reguit in die oog kyk nie, maar moet ook nie heeltemal wegkyk nie. Wees sterk en vol vertroue. Moenie swakheid toon nie. As julle in die Koning se Legioen wil wees, moet julle optree asof julle alreeds daarin is.” “Reg, Pa,” antwoord sy drie seuns tergelyk, en kom in posisie.

Hy draai om en gluur Thor aan.

“Wat doen jy nog hier?” vra hy. “Gaan in!”

Thor bly staan, verskeurd. Hy wil nie sy pa verontagsaam nie, maar hy moet met hom praat.

Sy hart hamer terwyl hy besluiteloos bly. Hy besluit dit sal die beste wees om te gehoorsaam, om die swaarde te bring, en dan sy pa te konfronteer. Om hom blatant te ignoreer sal nie help nie.

Thor haas die huis binne, deur na die agterkant en na die wapensstoor. Hy vind sy broers se drie swaarde, al drie pragstukke, bekroon met die beste silwer hefte, waardevolle geskenke waarvoor sy pa vir jare baie hard gewerk het. Hy gryp al drie, soos altyd verras deur die gewig, en hardloop terug deur die huis met hulle.

Hy nael tot by sy broers, gee vir elkeen ‛n swaard en draai na sy pa.

“Wat, geen politoer?” vra Drake.

Sy pa draai na hom afkeurend, maar voor hy iets kon se, praat Thor.

“Pa, asseblief. Ek moet met pa praat!”

“Ek het vir jou gesê politoer----“

“Asseblief, Pa!”

Sy pa gluur terug, in vertwyfeling, hy moes die erns op Thor se gesig gesien het, want uiteindelik se hy,”Ja?”

“Ek wil oorweeg word. Saam met die ander. Vir die Legioen.”

Sy broers se gelag klink agter hom op. Sy gesig word bloedrooi.

Maar sy pa het nie gelag nie, inteendeel, sy frons verdiep.

“Wil jy?” vra hy.

Thor skud sy kop kragtig.

“Ek is veertien. Ek kan in aanmerking kom.”

“Die sper datum is veertien,” se Drake neerhalend oor sy skouer. “As hulle jou kies, is jy die jongste. dink jy hulle sal jou bo my verkies, ek wat vyf jaar ouer as jy is?”

“Jy is astrant,” se Durs. “Jy was nog altyd.”

Thor draai na hulle.”Ek vra julle nie,”se hy.

Hy draai terug na sy pa, wat steeds frons.

“Pa, asseblief,” se hy. “Gun my ‘n kans. Dis al wat ek vra. Ek weet ek is jonk, maar ek wil myself bewys, met tyd.”

Sy pa skud sy kop.

“Jy is nie ŉ soldaat nie, seun. Jy is nie soos jou broers nie. Jy is ŉ skaapwagter. Jou lewe is hier. By my. Jy sal jou pligte doen en goed doen. ŉ Mens moet nie wilde drome droom nie. Aanvaar jou lewe, en jy sal leer om daarvoor lief te raak.”

Thor voel sy hart breek wanneer hy sy lewe voor sy oë sien verbrokkel.

Nee, dink hy. Dit kan nie wees nie.

“Maar Pa----“

“Stilte!” skree hy, so skerp dat dit deur lug sny. “Dit is nou genoeg. Hier kom hulle. Gee pad, en gedra jouself terwyl hulle hier is.”

Sy pa tree na vore en met een handgebaar stoot hy Thor eenkant toe, asof hy ŉ voorwerp is wat hy eerder nie wil sien nie. Sy lywige hand brand Thor se bors.

ŉ Groot geruis klink op, en die dorpsmense stroom by hulle huise uit en omlyn die strate. ŉ Groeiende stofwolk kom voor die gevolg uit, en oomblikke later is hulle daar, ŉ dosyn perde koetse,met ŉ geraas soos ŉ groot donderslag.

Hulle kom die dorp binne soos ŉ skielike weermag en kom tot stilstand naby Thor se tuiste. Hulle perde pronk op die plek, snorkend. Dit het ŉ geruime tydjie geneem vir die stof om te gaan lê, en Thor probeer naarstiglik ŉ gesteelde blik kry van hulle arsenaal, hulle wapens. Hy was nog nooit vantevore so naby die Silwer nie, en sy hart hamer in sy borskas.

Die soldaat op die voorste hings klim af. Daar staan hy, ŉ regte, egte lid van die Silwer, bedek in blink krygersgewaad, ŉ lang swaard aan sy belt. Dit wil voorkom of hy in sy dertigs is, ŉ regte man, stoppelbaard op sy gesig, letsels op sy wang, en ŉ neus wat krom gelaat is deur gevegte. Hy was aansienlikste man wat Thor nog ooit gesien het, twee keer so breed as die ander, met ŉ teenwoordigheid wat dit duidelik maak dat hy in beheer is.

Die soldaat spring af op die grondpad, sy spore ratelend as hy nader beweeg aan die lyn seuns. Aan beide kante van die dorpie staan dosyne seuns op aandag, hoopvol. Om by die Silwer aan te sluit beteken ŉ lewe van eer, van gevegte, van bekendheid, van glorie----en gepaard daarmee, grond, ŉ titel en rykdom. Dit voorspel die beste bruid, uitverkore grond, en ŉ glorieryke bestaan. Dit beteken eer vir jou familie, en om by die Legioen aan te sluit was die eerste stap.

Thor bestudeer die groot, goue koetswaens en besef dat elkeen net ŉ sekere aantal rekrute kan hou. Dit was ŉ groot koninkryk en hulle het baie dorpe om te besoek. Hy sluk, en kom tot die besef dat sy kanse selfs skraler is as wat hy gedink het. Hy sal al die ander seuns moet wen---baie waarvan aansienlike vegters is---sowel as sy drie broers. Hy het ŉ sinkende gevoel.

Thor kon skaars asem haal terwyl die soldaat in stilte beweeg, en die rye seuns opmeet. Hy het op die verste kant van die straat begin, en stadig na die beginpunt teruggekeer. Thor het natuurlik al

die seuns geken. Hy het ook geweet dat sommiges in die stilligheid nie gekies wou wees nie, selfs al wil hulle families hulle wegstuur. Hulle was bang; en dit sal van hulle swak soldate maak.

Thor brand met verontwaardiging. Hy voel hy verdien om verkies te word net soveel as enige van hulle. Net omdat sy broers ouer, groter en sterker was, beteken nie dat hy nie die reg het om ook daar te staan en verkose te word nie. Hy het 'n brandende haatgevoel teenoor sy pa, en dit bars byna uit sy nate wanneer die soldaat nader kom.

Die soldaat kom vir die eerste keer tot stilstand voor sy broers. Hy bekyk hulle op en af, en lyk beïndruk. Hy reik uit, gryp 'n swaard uit sy skede, en ruk hom, so asof hy die fermte wil toets.

Hy glimlag.

"Jy het nog nooit jou swaard in 'n geveg gebruik nie, het jy?" vra hy vir Drake.

Vir die eerste keer in sy lewe sien Thor vir Drake senuweeagtig. Drake sluk.

"Nee, my Heer. Maar ek gebruik dit baie om mee te oefen, en ek hoop om---"

"In oefening!"

Die soldaat bars uit van die lag en draai na die ander soldate, wat by hom aansluit, en lag in Drake se gesig.

Drake word bloedrooi in die gesig. Dit was die eerste keer dat Thor vir Drake sien skaam kry--gewoonlik was dit Drake wat ander laat skaam kry het.

"Wel, dan sal ek beslis vir jou vyande sê om jou te vrees---jy wat jou swaard swaai in oefening!"

Die groep soldate lag weer.

Toe draai die soldaat na Thor se ander broers.

"Drie seuns van dieselfde afstammelinge hy, en vryf sy stoppelbaard oor sy ken. "Dit kan nuttig wees. Julle is almal 'n goeie grote. Alhoewel, ongetoets. Julle sal baie opleiding moet kry as julle die paal wil haal."

Hy aarsel.

"Ek reken ons kan vir julle ruimte vind."

Hy knik na die agterste wa.

"Klim in, en maak gou. Voor ek van plan verander."

Thor se drie broers nael na die koetswa, stralend. Thor merk op dat sy pa ook straal.

Maar hy was bekaf toe hy hulle agterna kyk.

Die soldaat draai en beweeg aan na die volgende huis. Thor kon dit nie meer verduur nie.

"My Heer!" roep Thor luideliks.

Sy pa draai om en gluur hom aan, maar Thor gee nie meer om nie.

Die soldaat kom tot stilstand, sy rug op Thor gedraai, en draai stadig om.

Thor gee twee tree vorentoe, sy hart kloppend, en stoot sy bors uit sover as wat hy kan.

"U het my nie oorweeg nie, my Heer,"se hy.

Die verbaasde soldaat bekyk Thor van kop tot tone, asof hy 'n grap is.

"Het ek nie?" vra hy en bars uit van die lag.

Sy manne bars ook uit van die lag. Maar Thor het nie omgegee nie. Dit was sy oomblik. Dit was nou of nooit.

"Ek wil by die Legioen aansluit!" se Thor.

Die soldaat gee 'n tree in Thor se rigting.

"So jy wil?"

Hy lyk geamuseerd.

"En is jy ooit veertien jaar oud?"

"Ja, ek is my Heer. Twee weke terug."

"Twee weke terug!"

Die soldaat skree soos hy lag, en al die manne agter hom.

"In daardie geval, sal ons vyande beslis bewe as hulle jou sien."

Thor voel hoe hy warm word van verontwaardiging. Hy sal iets moet doen. Hy kon dit nie daar laat nie. Die soldaat draai om weg te stap---maar Thor kon dit nie toelaat nie.

Thor tree na vore en skreeu: "My Heer! U maak 'n fout!"

'n Verskrikte snak na asems is hoorbaar vanuit die groep mense wanneer die soldaat stilstaan en weereens stadig omdraai.

Nou is die soldaat grimmig.

"Onnosele seun," se sy pa, gryp Thor aan die skouer, "gaan binne toe!"

"Ek sal nié!" skree Thor, en skud sy pa se hand weg.

Die soldaat tree nader aan Thor, en sy pa staan terug.

"Weet jy wat is die straf as jy die Silwer beledig?" vra die soldaat kortaf.

Thor se hart klop in sy keel, maar hy besef ook dat hy nie gaan terugstaan nie.

"Vergewe hom asseblief, my Heer," se Thor se pa. " hy is 'n jong kind en----"

"Ek praat nie met jou nie," se die soldaat. Met 'n vernietigende blik, forseer hy Thor se pa om weg te draai.

Die soldaat keer terug na Thor.

"Antwoord my!" se hy.

Thor sluk, nie in staat om te praat nie. Dit was nie hoe hy dit afgespeel het in sy kop nie.

"As mens die Silwer beledig is dit so goed as om die Koning direk te beledig," antwoord Thor bedees, 'n herhaling van dit wat hy gememoriseer het.

"Ja," antwoord die soldaat. Wat dit beteken is dat ek jou veertig houe mag gee as ek so verkies."

"Ek het nie 'n belediging bedoel nie, my Heer," se Thor. "Ek wil ook gekies word. Asseblief. Ek droom hieroor my lewe lank. Asseblief. Laat my toe om aan te sluit."

Die soldaat bekyk hom goed, en stadigaan versag sy uitdrukking. Na 'n rukkie, skud hy sy kop.

"Jy is jonk, seun. Jy het 'n trotse hart. Maar, jy is nie gereed nie. Probeer weer wanneer jy gespeen is."

Daarmee draai hy om en storm weg, met skaars' 'n blik na die ander seuns. Hy bestyg sy perd vinnig.

Thor, moedverlore, kyk hoe die optog aan die beweeg kom; so vinnig as wat hulle daar aangekom het, so vinnig was hulle weg.

Die laaste ding wat Thor sien, was sy broers, waar hulle in die laaste koetswa sit, na hom staar, afkeurend en spottend. Hulle word weggeneem voor sy oë, weg van hier af, na 'n beter lêwe.

Binne-in hom voel Thor soos die dood.

Die opwinding om hom bedaar, en die dorpenaars sluip terug in hulle huise.

"Besef jy hoe dom jy was, jou onnosele seun?" vra Thor se pa boos, en gryp hom aan die skouers."Besef jy dat jy jou broers se kanse kon ruïneer?"

Thor stoot sy pa se hande rof van hom af weg, en sy pa kom terug en gee hom 'n oorveeg deur die gesig.

Thor voel die brand van die klap en gluur sy pa aan. 'n Deel van hom wil vir die eerste keer, sy pa terug klap. Maar hy beheer homself.

"Gaan haal my skape en bring hulle terug. Nou! En as jy terugkom, moet jy nie 'n maaltyd van my verwag nie. Jy sal nie kos kry vanaand nie, sodat jy kan dink oor wat jy gedoen het."

"Miskien kom ek glad nie terug nie!" skree Thor wanneer hy omdraai en weg storm, weg van sy tuiste, in die rigting van die heuwels.

"Thor!" skree sy pa agterna. 'n Paar dorpenaars wat in die straat agtergebly het staan stil en hou hulle dop.

Thor begin weg draf, dan hardloop hy voluit, hy wil so ver as moontlik van dié plek af wegkom. Hy let skaars op dat hy huil, die trane stroom oor sy wange, terwyl al sy drome om hom vernietig is.

# HOOFSTUK TWEE

Thor het vir ure op die heuwel rondgedwaal, briesend, totdat hy uiteindelik 'n heuwel kies en gaan sit, met arms gekruis oor sy bene en die horison dophou. Hy kyk hoe die koetswaens verdwyn, hy kyk hoe die stofwolk vir ure daarna nog luier.

Daar sou nie nog besoeke wees nie. Dit is nou sy bestemming om hier in die dorpie te bly vir jare, wagtend vir 'n ander kans--- as hulle ooit weer terugkom. As sy pa dit ooit sou toelaat. Nou sal dit net hy en sy pa wees, alleen in die huis, en hy is seker dat sy pa die volle mag van sy wrag op hom sal ontwaan. Hy sal steeds sy pa se kneg wees, jare sal verbygaan, en hy sal op eindig soos sy pa, vasgekeer om n kleinlike, onbenullige bestaan te voer---terwyl sy broers glorie en roem sou bereik. Sy are brand met die onregverdigheid daarvan. Dit was nie die lewe wat hy bestem was voor nie. Dit het hy geweet.

Thor het sy kop voos gedink oor wat hy kon doen, enigiets wat die situasie kon verander. Maar daar was niks. Dit was die kaarte wat die lewe aan hom gedeel het.

Na ure van sit, staan hy moedeloos op en begin sy weg baan opwaarts teen die welbekende heuwels, hoër en hoër. Onvermydelik keer hy terug na die kudde, terug op die hoogste hewel. terwyl hy klim, sak die eerste son in die hemelruim, met die tweede son wat sy hoogste piek bereik het, 'n groenerige skynsel weergee. Thor vat sy tyd terwyl hy doelloos strompel, onbewus dat hy sy slinger van sy middle afvat, die leervel goed gebrei deur jare se gebruik. Hy reik na die sak wat om sy middle vasgemaak is, en voel na sy versameling klippe, een meer glad as die ander, hand uitgesoek vanuit die beste rotse. Somtyds korrel hy na voëls, ander kere, peste. Dit was 'n ingebore gewoonte wat hy al jare kweek. Aan die begin het hy alles misgeskiet, later van tyd, het hy sy eerste bewegende teiken raakgeskiet. Van daardie keer af, was sy korrel akkuraat. Nou was klipgooi deel van hom---dit help om van sy woede onstlae te raak. Sy broers mag dalk in staat wees om 'n swaard deur 'n stomp te swaai---maar, hulle kon nog nooit 'n voël in vlug raakskiet nie.

Lusteloos sit Thor 'n klip in die slinger, leun terug, en met al sy mag, gooi hy terwyl hy himself verbeel dat hy dit na sy pa slinger. Hy tref 'n tak aan 'n boom ver weg, en die tak is morsaf. Vandat hy agtergekom het dat hy 'n bewegende dier kon doodskiet, het hy opgehou om na hulle te mik, te bang vir sy eie mag en aangesien hy niks wou seermaak nie; is die takke nou sy teikens. Tensy daar natuurlik 'n jakkels was wat agter sy kudde aan was. Met die tyd, het hulle geleer om weg te bly, daarom dat Thor se skape die veiligste kudde in die dorp was.

Thor dink aan sy broers, daar waar hulle nou is en hy is briesend. Na 'n dag se ry sal hulle die Koning's Hof bereik. Hy kan himself indink. Hy sien hoe hulle daar aankom met 'n groot verwelkoming, mense uitgevat in hulle beste klere, wat hulle ontmoet. Lede van die Silwer. Hulle sal opgeneem word,'n blyplek gegee word in die Legioen se kwartiere, 'n plek om opgelei te word in die Koning se velde, terwyl hulle die beste wapens tot hulle beskikking het. Elkeen van hulle sal die Edelman wees vir een van die beroemde ridders. Eendag, sal hulle self ridders word, hulle eie perde kry, hulle eie krygsgewaad, en dan ook elkeen sy eie Edelman kry. Hulle sal deelneem aan al die veesvieringe en aan die Koning se tafel sit. Dit was 'n betowerende lewe. En dit het deur sy vingers geglip.

Thor voel fisies siek, en probeer die gedagtes uit sy kop uit verban. Maar hy kan nie. 'n Deel van hom, 'n diep deel, skree in sy binneste. Dit se vir hom om nie moed te verloor nie, dat sy bestemming beter is as wat hy nou het. Hy het nie geweet wat dit was nie, maar het geweet dat dit nie daar was nie. Hy het gevoel dat hy anders was. Miskien selfs spesiaal. Dat niemand hom verstaan nie. En dat almal hom onderskat.

Thor bereik die hoogste punt van die heuwel en sien sy kudde. Goed geleer, was hulle almal saamgedrom, kouend en dood tevrede met enige gras wat hulle kan vind. Hy tel hulle, opsoek na die

rooi merk waarmee hy hulle ruê, gemerk het. Hy vries nadat hy getel het. Een skaap is weg. Hy tel weer, en weer. Hy kon dit nie glo nie: een was weg.

Thor het nog nooit 'n skaap verloor nie, en sy pa sal dit nie net laat verbygaan nie. Erger nog, hy haat die gedagte dat een van sy skape weg is, alleen, weerloos in die wildernis. Hy het dit gehaat dat enigiets onskulding moet ly.

Thor haas na die hoogste punt van die heuweltjie en bespied die horison tot hy die skaap gewaar, ver weg, etlike heuwels weg: die eensame skaap met die rooi merk op sy rug. Dit was die wilde ene van die lotjie. Sy moed sak in sy skoene waneer hy besef die skaap het nie net gevlug nie, maar van alle plekke, is hy oppad na die weste, na Donkerwoud. Thor sluk. Donkerwoud was verbode---nie net vir skape nie, maar ook vir mense. Dit was anderkant die dorpsgrens, en vandat hy kon loop, het Thor geweet hy mag nie daarheen gaan nie. Hy het nog nooit. Om soontoe te gaan, so sê die legend, was 'n versekere dood, die donker woude onherkenbaar en gevul met bose diere.

Thor kyk op na die vedonkerende hemelruim, worstelend. Hy kon nie sy skaap laat gaan nie. Hy rêken as hy vining kon maak, sou hy dit betyds terugkry.

Na 'n finale terugblik, draai hy om en hardloop vining, na die weste, na Donkerwoud, terwyl swaar wolke bokant hom versamel. Hy het 'n sinkende gevoel, maar nietemin is dit asof sy bene op hulle eie beweeg. Hy weet daar is nie omdraai kans nie, selfs al wou hy.

Dit was asof hy besig was om in 'n nagmerrie in te hardloop.

*

Thor naêl sonder onderbreking af oor die reeks heuwels, binne-in die dik bewoude Donkerwoud. Die paadjies eindig waar die woud begin, en hy hardloop in onbekende gebied, somer blare knarsend onder sy voete.

Die oomblik toe hy die woud betree, was hy toegevou in donkerte, die lig geblokkeer deur die torings van Dennebome. Dit was ook kouer hier, en wanneer hy oor die drempel gaan, kry hy 'n koue rilling. Dit was nie net oor die donker, of die koue nie---dit was oor iets anders. Iets waarvoor hy nie 'n naam gehad het nie. Dit was 'n gevoel van… hy word dopgehou.

Thor kyk op na die antieke take, knoestig, dikker as hy, swaaiend en krakend in die ligte windjie. Hy was skaars vyftig tree in die woud toe hy vreemde diere geluide hoor. Hy draai om en kon skaars die opening sien waardeur hy gekom het; dit voel alreeds asof daar geen uitkoms sal wees nie. Hy huiwer.

Donkerwoud was altyd op die rand van die dorp en op die rand van Thor se bewussyn, as iets diep en geheimsinnig. Enige wagter wat nog ooit 'n skaap aan die woud verloor het, het nog nooit gewaag om agter dit aan te gaan nie. Self sy eie pa. Die stories omtrent die plek was net te donker, te knaênd.

Maar daar was iets anders omtrent vandag wat veroorsaak dat Thor nie meer omgee nie, wat veroorsaak dat hy versigtigheid oorboord gooi. 'n Deel van hom wou die grense oorskrei, om so ver as moontlik van die huis af weg te kom, en die lewe toe te laat om hom te vat waar dit wou.

Hy vorder verder, stop dan, onseker watter rigting om in te gaan. Hy merk bakens op, gebuigte take waarlangs sy skaap moes gegaan het, en draai in daardie rigting. Na 'n wyle, draai hy weer.

Voor 'n uur om was, was hy heeltemal verwdaal. Hy probeer onthou van watter rigting hy gekom het----maar was glad nie seker nie. 'n Ongemaklike gevoel sit op die krop van sy maag, maar hy reken dat die enigste pad uit vorentoe sou wees, so hy gaan voort.

Op 'n afstand sien Thor 'n ligstraal, en haas daarheen. Hy bevind himself voor n klein opening, en gaan staanstil by die rand, vasgenael---hy kon nie glo wat hy voor hom sien nie.

Voor Thor, met sy rug op hom gedraai, staan 'n man, geklee in 'n lang, blou satyn kleed. Nee, nie 'n man nie---dit kon Thor van daar af aanvoel. Hy was iets anders. Kon dit 'n Druid wees? Hy is lank en regop, sy hoof bedek met n kap, doodstil, so asof hy nie 'n sorg in die wêreld het nie.

Thor het nie geweet wat om te doen nie. Hy het al van Druide gehoor, maar nog nooit een teë gekom nie. Hy lei af van die afwerking van sy mantel, die buitensporige goue belegsel, dat hierdie

nie net n gewone Druid is nie: daardie afwerkings was koninklike afwerking. Van die Koning se Hof. Thor kon dit nie verstaan nie. Wat sou ‘n koninklike Druid hier doen?

Na wat soos ‘n ewigheid voel, draai die Druid stadig om na hom, en soos hy draai, herken Thor sy gesig. Dit slaan sy asem weg. Dit was een van die mees bekendste gesigte in die Koninkryk: die Koning se persoonlike Druid. Argon, raadgewer vir die konings van die Westelike Koninkryk vir eeue. Wat doen hy hier, ver van die koninklike hof af, in die middle van Donkerwoud, was ‘n raaisel. Thor wonder of hy homself dit verbeel.

“Jou oë bedrieg jou nie,” se Argon, terwyl hy Thor aanstaar.

Sy stem was diep, antiek, so asof die bome self gepraat het. Sy groot, deurskeidende oë blyk om deur Thor ted ring, besig om hom op te som. Thor voel ‘n intense energie uit die Druid straal---asof hy oorkant die son staan.

Thor buig dadelik sy knieg en buig sy hoof.

“My Heer,” se hy. “Ek is jammer dat ek U gesteur het.”

Oneerbiedigheid teenoor ‘n Koning’s raadgewer kan lei tot tronkstraf of die dood. Dit is ‘n feit wat in Thor ingeprent is van geboorte af.

“Staan op, kind,” sê Argon. “As ek wou hê jy moet kniel, sou ek jou gesê het.”

Thor staan stadig op en kyk na hom. Argon neem ‘n paar tree vorentoe. Hy staan stil en staar Thor aan, totdat Thor begin ongemaklik voel.

“Jy het jou ma se oë,” sê Argon.

“Ek dink jy verwar my met iemand anders,” sê Thor. “Ek het nie ‘n moeder nie.”

“Het jy nie?” vra Argon glimlaggend. “Is jy net deur ‘n man gebore?”

“Ek het bedoel om te sê, my Heer, dat my moeder oorlede is met my geboorte. Ek dink jy sien my aan vir iemand anders.”

“Jy is Thorgrin, van die McLeod stammeling. Die jongste van vier broers. Die een wat nie verkose was nie.”

Thor se oë rek. Hy weet nie watse afleiding om te maak nie. Dat iemand van Argon se statuur weet wie hy is---dit was meer as wat hy kon inneem. Hy kon himself nie voorstel dat hy kon bekend wees aan enigiemand buite sy dorpie nie.

“Hoe… weet U dit?”

Argo glimlag, maar antwoord nie.

Thor is skielik vreeslik nuuskierig.

“Hoe…” gaan Thor aan, stotterend, “….hoe ken U my moeder? Het U haar ontmoet? Wie was sy?”

Argon draai en en loop weg.

“Dis vrae vir ‘n ander keer,” sê hy.

Thor kyk hoe hy loop, verbaas. Dit was so ‘n duiselingwekkende en geheimsinnige ontmoeting, en dit het so vinnig gebeur. Hy besluit dat hy Argon nie kon laat gaan nie; hy haas agterna.

“Wat doen u hier?” vra Thor, haastig om op te vang. Argon, wat sy staf gebruik, ‘n antieke ivoor ding, loop verbasend vining. “ U het nie dalk vir my gewag nie, het u?”

“Vir wie anders?” vra Argon.

Thor haas om by te kom, volg hom in die woud in, en laat die oopte agter hom.

“Maar hoekom ek? Hoe het u geweet dat ek hier sou wees? Wat wil u hê?”

“So baie vrae,” sê Argon. “Jy vul die lug. Jy moet eerder luister.”

Thor volg hom terwyl hulle voortbeweeg deur die digte woud, en probeer sy bes om stil te bly.

“Jy het kom soek na jou verlore skaap,” sê Argon. “n Eerbare poging. Maar jy mors jou tyd. Sy sal dit nie oorleef nie.”

Thor se oë rek.

“Hoe weet u dit?”

“Ek ken wêrelde wat jy nooit sal ken nie, seun. Ten minste, nog nie.”

Thor wonder terwyl hy loop om by te bly.

"Jy wil egter nie luister nie. Dit is jou geaardheid. Hardkoppig. Soos jou ma. jy sal aangaan agter jou skaap aan, vasbeslote om haar te red."

Thor word rooi in die gesig terwyl Argon sy gedagtes lees.

"Jy is 'n vurige seun," voeg hy by. Sterk persoonlikheid. Te trots. Positiewe kenmerke. Maar een dag mag dit jou neerlaag beteken."

Argon begin teen 'n mossige rand opklim, en Thor volg.

"Jy wou by die Koning se Legioen aansluit," sê Argon.

"Ja!" antwoord Thor opgewonde."Is daar enige hoop vir my? Kan u dit laat gebeur?"

Argon lag, 'n diep, hol klank wat 'n rilling by Thor se rugraat afstuur.

"Ek kan enigiets en niks laat gebeur. Jou toekoms is reeds geskryf. Maar dit hang van jou af om dit te kies."

Thor het dit nie verstaan nie.

Hulle bereik die bo-punt van die rand, waar Argon tot stilstand kom en na Thor kyk. Thor staan net n paar meter weg, en Argon se energie brand deur hom.

"Jou toekoms is 'n belangrike een," sê hy." Moet dit nooit agterweë laat nie."

Thor se oë rek. Sy toekoms? Belangrik? Hy voel hoe hy swel van trots.

"Ek verstaan nie.U praat in raaisels. Asseblief, vertel my meer."

Argon verdyn.

Thor se mond hang oop. hy kyk in elke rigting, luisterend, wonderend. Het hy dit alles verbeel? Was dit net sy verbeelding?

Thor draai en ondersoek die woud; van waar hy staan, hoog op die rand, kon hy verder sien as tevore. Terwyl hy kyk, sien hy beweging in die verte. Hy hoor 'n geraas en was seker dat dit sy skaap was.

Hy strompel af van die mossige rif en haas in die rigting van die geluid, terug deur die woud. Terwyl hy beweeg kan hy nie die ontmoeting met Argon van hom afskud nie. Hy kan amper nie glo dat dit wél gebeur het nie. Wat doen die Koning se Druid hier, van alle plekke? Hy het vir hom gewag. Maar hoekom? En wat het hy bedoel omtrent sy toekoms?

Hoe meer Thor prober het om dit te ontrafel, hoe minder kon hy dit verstaan. Argon het hom gewaarsku om nie voort te gaan nie, maar dit ter selfde tyd aanloklik gemaak. Nou, soos hy voortbeweeg, kry Thor al meer 'n voorgevoel, so asof iets gewigtig gaan gebeur.

Hy gaan om 'n draai en stop in sy spore toe hy die uitsig voor hom inneem. Sy ergste nagmerries is sopas bevestig. Sy hare staan penorent, en hy kom tot die besef dat hy 'n ernstige fout begaan het deur so diep in die Donkerwoud in te gaan.

Oorkant hom, skaars dertig treë weg, was 'n Sybold. Kolossaal, gespierd, op al vier sy pote, en amper so groot soos 'n perd, was die mees gevreeste dier van Donkerwoud, miskien selfs die hele koninkryk. Thor het dit nog nooit vantevore gesien nie, maar hy het genoeg van die legendes gehoor. Dit het die voorkoms van 'n leeu, maar was baie groter, breër, en sy pels 'n diep rooi met glimmende geel oë. Die legende is dat sy diep rooi kleur kom van al die onskuldige kinder bloed.

Thor het nog net van 'n paar waarnemings gehoor van hierdie gedierte in sy lêwe, en selfs daardie kere was aangesien as twyfelagtig. Miskien was dit omdat niemand nog ooit so 'n ontmoeting oorleef het nie. Sommige verwys na die Sybold as the God van die Woude, en 'n slegte teken. Wat daardie slegte teken was, was iets wat Thor geen benul van het nie.

Hy is vasgenael met vrees, en hy weet hy sal moet aksie neem.

Sy reflekse neem oor. Hy voel versigtig vir sy sakkie, haal 'n klip uit, en sit dit in sy slinger. Met 'n bewende hand, wen hy dit op, vat een tree vorentoe, en gooi.

Die klip seil deur die lug en tref sy merk. 'n Perfekte skoot. Dit tref die skaap op sy oogbal, en druk dit deur tot in sy brein.

Die skaap word slaap. Dood. Thor het die dier van sy leiding verlos.

Die Sybold gluur, woedend omdat Thor sy speelding doodgemaak het. Hy maak sy massiewe kake stadig oop en laat val die skaap, wat met ‘n plomp op die bos se vloer val. Dan rig hy sy oë op Thor.

Hy grom,‘n diep, bose geluid wat diep vanuit sy maag styg.

Terwyl dit op hom afsluip, plaas Thor met ‘n hamerende hart nog ‘n klip in sy slinger, trek terug, en berei die volgende skoot voor.

Die Sybold begin hardloop, met die vinnigste beweging wat Thor nog ooit vantevore in sy lêwe gesien het. Thor vat een tree vorentoe, gooi die klip, biddend dat dit raak is, wêtend dat hy nie tyd sou hê om weer te gooi voor die ding op hom is nie.

Die klip tref die gedierte in sy regter oog, en slaan hom uit. Dit was ‘n geweldige gooi, een wat ‘n geringer dier tot op sy knieë sou bring.

Maar dit was nie ‘n geringer dier nie. Hierdie ondier was onstuitbaar. Dit gee ‘n gil met die aangerigde skade, maar sonder om stadiger te beweeg. Selfs met een oog minder,selfs met die klip in sy brein vasgevang, storm hy meedoënloos op Thor af. Daar was niks wat Thor kon doen nie.

‘n Oomblik later is die gedierte op hom. Hy trek sy massiewe klou terug en veeg sy skouer.

Thor gil. Dit het gevoel soos drie messe wat deur sy vleis sny, warm bloed wat onmiddelik daaruit stroom.

Die gedierte pen hom vas teen die grond met al vier sy pote. Die gewig was ongelooflik, dit het gevoel of ‘n olifant op sy bors staan. Thor voel hoe sy ribbekas gekneus word.

Die gedierte gooi sy kop agteroor, maak sy kake wyd oop om sy slagtande te ontbloot, en sak nader aan Thor se keel.

Soos hy sak, reik Thor na bo en gryp sy nek; dit was soos n soliede spier. Thor kon skaars vashou. Sy arms begin bewe as die slagtande al laer sak. Hy voel die ding se warm asem oor sy gesig, voel die spoeg op sy nek drip. ‘n Grom kom diep vanuit die dier se bors, brand Thor se ore. Hy besef hy gaan sterf.

Thor sluit sy oë.

Asseblief God. Gee my krag. Laat my toe om met die ongedierte te veg. Asseblief. Ek smeek U. Ek sal enigiets doen wat U vra. Ek sal U ‘n groot skuld verskuldig wees.

Net toe gebeur iets. Thor voel ‘n geweldige hitte oprys vanuit sy liggaam, polsend deur sy are, soos ‘n energie veld wat deur hom stu. Hy maak sy oë oop en iets wat hom verras: vanuit sy handpalms gloei ‘n geel lig, en terwyl hy terrugdruk teen die gedierte se keel, ongelooflik, was hy in staat om sy krag te passer en dit op ‘n afstand te hou.

Thor hou aan stoot totdat hy dit regkry om die gedierte eintlik terug te stoot. Hy voel sy krag versterk en voel ‘n kanonskoot energie deur hom bruis---‘n oomblik later, trek die gedierte met ‘n vlaag agtertoe, met Thor wat hom seker tien tree agter toe gooi. Dit beland op sy rug.

Thor sit orent, verstaan glad nie wat gebeur het nie.

Die gedierte kom terug op sy pote. Dan, in woede, storm dit weer---maar hierdie keer voel Thor anders. Die energie pols deur hom; hy voel meer kragtig as wat hy ooit was.

Terwyl die gedierte deur die lug spring, buk Thor, gryp dit aan die maag, en gooi dit, hy laat toe dat die gedierte se vaart dit aanhelp.

Die gedierte vlieg deur die woud, tref ‘n boom en val inmekaar op die grond.

Thor staar, verdwaas. Het hy sopas ‘n Sybold gegooi?

Die ondier knip sy oë twee keer, en kyk na Thor. Staan op en storm hom weer.

Hierdie keer, toe die gedierte toesak, gryp Thor hom aan die keel. Hulle gaan altwee grond toe, die ondier bo-op Thor. Maar, Thor rol om en bo-op die ding. Thor hou vas, en wurg die ding met albei hande, terwyl die ondier sy kop probeer optel en na hom hap met sy slagtande. Hy het net gemis. Thor, met hernude krag, druk harder sonder om te laat gaan. Hy laat die energie deur hom pols. En binnekort, voel hy dat hy sterker as die gedierte is.

Hy was besig om die Sybold dood te wurg.

Thor het nie laat los vir ‘n volle minuut nie.

Hy kom stadig orent, uit asem uit, en staar af, groot-oog, terwyl hy sy gewonde arm vashou. Wat het nounet gebeur? Het hy, Thor sopas ‘n Sybold dood gemaak?

Hy voel dat dit ‘n teken is, vandag van alle dae. Hy voel asof iets gewigtigs gebeur het. Hy het sopas die mees befaamde en gevreesde ongedierte van die koninkryk dood gemaak. Alleen. Sonder ‘n wapen. Dit voel onwerklik. Niemand sal hom glo nie.

Hy voel die wêreld om hom tol terwyl hy wonder wat oor hom gekom het, wat dit beteken het, wie hy regtig was. Die enigste mense wat bekend is vir sulke krag was die Druide. Maar sy ma en pa was nie Druide nie, so hy kan nie een wees nie.

Of kon hy wees?

Waneer hy iemand agter hom aanvoel, spin Thor om, om Argon daar te sien staan, starend na die dooie dier.

“Hoe het jy hier gekom?” vra Thor verbaas.

Argon ignoreer hom.

“Het jy gesien wat gebeur het?” vra Thor, steeds verdwaas. “Ek weet nie hoe ek dit kon regkry nie.”

“Maar jy weet,” antwoord Argon. “Diep binne jou, weet jy. Jy is anders as die ander.”

“Dit was soos….. ‘n oplewing van krag,” sê Thor. “Soos ‘n krag wat ek nooit besef het ek besit nie.”

“Die energie bron,” sê Argon. “Een dag sal jy dit nog baie goed leer ken. Jy mag selfs leer om dit te beheer.”

Thor gryp sy skouer, die pyn was ongelooflik. Hy kyk af en sien sy hand is bedek met bloed. hy voel lighoofdig, bekommerd oor wat sal gebeur as hy nie hulp kry nie.

Argon neem drie tree vorentoe, reik uit, en gryp Thor se vry hand, en plaas dit ferm oor die wond. Hy hou dit daar, leun terug, en sluit sy oë.

Thor voel ‘n warm sensasie deur sy arm vloei. Binne sekondes, word die taai bloed op sy hand droog, en hy voel hoe sy pyn verdwyn.

Hy kyk af en kon dit nie verklaar nie: hy was genees. Al wat hy oorgehou het, is drie letsels waar die kloue hom gesny het---maar hulle was geseël en het gelyk soos ou wonde. Daar was glad nie meer bloed nie.

Thor kyk in verbasing na Argon. “Hoe het jy dit gedoen?” vra hy.

Argon glimlag.

“Ek het nie. Jy het. Ek het net jou kragte in die regte rigting gestuur.”

“Maar ek het nie hêlende kragte nie,” antwoord Thor, stom geslaan.

“Het jy nie?” antwoord Argon.

“Ek verstaan nie. Niks omtrent dit maak enigsins sin nie,” sê Thor met groeiende ongeduld.

“Asseblief, vertel my.”

Argon kyk anderpad.

“Sommige dinge moet jy met tyd leer.”

Thor dink oor iets na.

“Beteken dit dat ek by die Koning se Legioen mag aansluit?” vra hy, opgewonde. “Sekerlik, as ek ‘n Sybold kan vrek maak, sal ek my man kan staan teen die ander seuns.”

“Natuurlik kan jy,”antwoord hy.

“Maar hulle het my broers gekies---hulle het my nie gekies nie.”

“Jou broers sou nie hierdie gedierte kon vrek maak nie.”

Thor staar hom aan, ingedagte.

“Maar hulle het my alreeds verwerp. Hoe kan ek by hulle aansluit?”

“Van waneer af het ‘n vegter ‘n uitnodiging nodig?” vra Argon.

Sy woorde sink diep in. Thor kry ‘n gevoel van warmte wat oor hom spoel.

"Se jy ek moet net daar opdaag? Ongenooid?"

Argon glimlag.

"Jy is in beheer van jou bestemming. Nie ander nie."

Thor knip sy oë---en 'n oomblik later, was Argon weg. Weer.

Thor tol in die rondte, kyk in elke rigting, maar daar was geen teken van hom nie.

"Hierso!" kom die stem.

Thor draai en sien 'n reuse rots voor hom. Hy voel aan dat die stem van bo af gekom het, en klouter dadelik teen die rots uit.

Toe hy bo kom, was hy verbaas dat daar geen teken van Argon was nie.

Van waar hy nou staan, kan hy egter bo-oor die boomtoppe van die Donkerwoud sien. Hy kon sien waar Donkerwoud eindig, sien hoe die tweede son sak in 'n donker groen, en anderkant dit, die pad wat lei na die Koning se Hof.

"Die pad is joune om te volg." kom die stem. "As jy dit wil waag."

Thor het omgetol, maar sien niks. Dit was net 'n stem wat eggo. Maar hy het geweet Argon was daar, iewers, besig om hom aan te por. En hy voel, diep binne hom, dat hy reg was.

Sonder om 'n oomblik langer te huiwer, klouter Thor van die rots af en beweeg deur die bos in die rigting van die pad in die verte.

Naelloop na sy bestemming.

# HOOFSTUK DRIE

Koning MacGil---swaarlywig, breedborstig, met ‘n baard wat te dik is, grys lang hare om daarby te pas, ‘n breë voorkop wat geplooi is deur te veel gevegte---staan op die boonste bolwerk van sy kasteel, sy koningin langs hom, terwyl hy die die dag se ontluikende feestelikheid dophou. Sy koninklike grond lê uitgestrek onder hom in al hulle glorie, strek so ver as wat die blote oog kon sien, ‘n vooruitstrewende stad wat omring is met antieke rots fort. Koning’s Hof. Aanmekaar verbind deur n doolhof van kronkelende strate is die klip geboue van menige vorm en grote--- vir die krysmanne, vir die versorgers, die perde, die Silwer, die Legioen, die wagte, die kaserne, die wapens huis, die wapenskut----en tussen hierdie, was daar honderde tuistes vir die menigte van sy volgelinge wat verkies het om binne die stads mure te woon. Tussen hierdie strate strek hectare gras, koniklike yuine, steen-bedekte binnehowe, en vloeiende fonteine. Koning’s Hof is deur die eeue heen verbeter, eers deur sy vader, en sy vader voor hom---en is huidiglik op die kruin van sy glorie. Sonder twyfel, was dit nou die veiligste vesting binne die Westelike Koninkryk van die Sirkel.

MacGil was geseën met net die beste en mees lojale vegters wat enige koning nog ooit gehad het, en gedurende sy leeftyd, het niemand dit ooit gedurf om aan te val nie. As die sewende MacGil om die troon te betree, het hy dit goed behou gedurende gedurende sy twee en dertig jaar as heerser, en was ‘n goeie en wyse koning. Die land het goed vooruitgegaan in sy heerskappy. hy het sy weermag vedubbel, sy stede uitgebrei, vir sy mense belonings gegee, en nie ‘n enkele klagte sal onder sy mense gevind word nie. Hy was bekend as die vrygewige koning, en daar was nog nooit so ‘n periode van loning en vrede vandat hy die troon betree het nie.

Dit was presies wat MacGil snags gereeld wakker gehou het. Want MacGil het sy geskiedenis geken: deur die eeue heen, was daar nog not so ‘n lang tydperk sonder oorlog nie. Hy wonder nie meer of daar ‘n aanval sal wees nie---maar waneer. En deur wie.

Die grootste bedreiging was natuurlik van buite die Sirkel, van die magdom van wreedaards wat heers oor die afgeleë Wilde, waaraan al die mense buitekant die Sirkel onderwerp is, anderkant die aardtros. Vir MacGil, en die sewe generasies voor hom, het die Wilde nog nooit ‘n direkte bedreiging ingehou nie. Omdat sy koninkryk oor ‘n unieke geografie beskik, gevorm in ‘n perfekte kring---‘n sirkel---afgesny van die res van die wêreld deur ‘n diep afgrond wat ‘n myl weid strek, en beskerm was deur ‘n energie skild wat al aktief was sedert die eerste MacGil geheers het, het hulle min te vrese gehad van die Wilde af. Die wreedaards het al menig maal prober om hulle aan te val, om deur die skild ted ring, om die afgrond te oorkruis; maar was nog noit suksevol nie. So lank as wat hy en sy volgelinge binne die Sirkel bly, was daar geen bedreiging van buite nie.

Dit het egter nie beteken dat daar geen bedreiging aan die binnekant van die sirkel was nie. En dit was wat MacGil snags wakker gehou het. Dit was inderdaat die doel van die dag se feesvieringe: die huwelik van sy oudste dogter. ‘n Huwelik wat spesifiek gereël is om sy vyande tevrede te stel, om die brose vrede tussen die Oostelike en die Westelike Koninkryke van die Sirkel te bewaar. Terwyl die Sirkel ongeveer vyf-honderd myl strek in elke rigting, was dit in die middle verdeel deur ‘n bergreeks. Die Hooglande. Aan die ander kant van die Hooglande is die Oostelike Koninkryk, wat geheers word deur die ander helfte van die Sirkel. En hierdie koninkryk, vir eeue geheers deur hulle teenstanders, die McClouds, het nog altyd probeer om die brose vrede te verbreek met die MacGils. Die McClouds was misgenoegd, ontevrede met hulle toekoms, oortuig daarvan dat hulle grond minder vrugbaar was. Hulle het oor die Hooglande ook gestry, daarop aangedring dat die hele bergreeks aan hulle behoort, terwyl helfte daarvan aan die MacGils behoort het. Hulle was bekend vir hulle grens onderonsies, en daar was geduring ‘n bedreiging van indringing.

Terwyl MacGil hieroor wonder, raak hy vererg. Die McClouds behoort gelukkig te wees; hulle was veilig in die Sirkel, beskermd deur die aardtros, hulle besit uigekose grond, en het niks on te vrees nie. Waarom kon hulle nie net tevrede wees met hulle eie helfte van die Sirkel nie? Dit was

slegs omdat MacGil so ‘n sterk weermag gebou het, dat vir die eerste keer in die geskiedenis, sou die McClouds dit nie waag om hulle aan te val nie. Maar die wyse MacGil, het aangevoel dat alles nie rooskleurig was op die horison nie, he het geweet dat hierdie vrede nie sou hou nie. Daarom het hy hierdie huwelik gereël tussen sy oudste dogter en die oudste prins van die McClouds. En nou het die dag aangebreek.

Terwyl hy afkyk, sien hy voor hom uitgestrek die duisende onderdane almal geklee in helder kleurige uitrustings, wat vanuit die hele koninkryk uit in sypel, van beide kante van die Hooglande. bykand die hele Sirkel, stroom sy vesting binne. Hy het sy mense voorberei vir maande, die bevel gegee dat alles vooruitstrewend en sterk moet vertoon. Hierdie was nie net ‘n huweliksdag nie; dit was ook die geleentheid om ‘n boodskap oor te dra aan die McClouds.

MacGil vat ‘n opname van sy honderde soldate wat strategies langs die bolwerke gelyn staan, in die strate, by die mure langs, meer soldate as wat hy ooit sou nodig h strategies langs die bolwerke gelyn staan, in die strate, by die mure langs, meer soldate as wat hy ooit sou nodig hê---en hy voel tevrede. Dit was die toonbeeld van mag wat hy wou hê. Maar hy voel ook onrustig, die omgewing was belaai, ryp vir ’n onderonsie. Hy hoop dat geen oproermaker, versterk met alkohol, vanuit enige kant opvlam nie.

Hy kyk na die toernooi gronde, die speel gonde, en dink aan die dag wat voorlê, gevul met spele en toernooie en allerhande soorte feestigheid. Dit sou intens wees. Die McClouds sal sekerlik opdaag met hulle eie klein weermag, en elke toernooi, elke stoeigeveg, elke kompetisie, sal betekenis hê. As enigeen van hulle skeefloop, kon dit in ‘n geveg ontaard.

“My Koning?”

Hy voel ‘n sagte hand op syne en draai om na sy Koningin, Krea, steeds die mooiste vrou wat hy ooit geken het. Gelukkig getroud deur sy hele heerskappy, het sy geboorte gegee aan vyf kinders, drie van hulle seuns, en het nog nooit oor enigiets gekla nie. Boonop het sy, sy mees vertoue raadgewer geword. Soos die jare verby gegaan het, het hy geleer dat sy wyser was as enige van sy manne. Inderdaad, wyser as hy.

“Dit is ‘n politieke dag.” sê sy. “Maar ook ons dogter se troudag.Probeer om dit te geniet. Dit sal nie twee keer gebeur nie.”

“Ek was minder bekommerd toe ek niks besit het nie,” antwoord hy. “Noudat ons alles het, bekommer alles my. Ons is veilig. Maar ek voel nie veilig nie.”

Sy kyk na hom met barmhartige oë, groot en neutbruin; lyk hulle asof hulle al die wysheid van die wêreld inhou. Haar ooglede hang, soos altyd, gee dit die indruk van lomerigheid, en is ommraam deur haar pragtige, reguit bruin hare, met die tiksel grys daarin, wat beide kante van haar gesig omraam. Sy het n paar plooie, maar het niks verander nie.

“Dit is omdat jy nie veilig is nie,” sê sy. “Geen koning is veilig nie. Daar is meer spioene in ons hof as wat jy sou wou weet. En dit is maar die manier wat dinge is.”

Sy leun oor, soen hom en glimlag.

“Probeer dit geniet,” sê sy. “Na alles is dit steeds ‘n troue.”

Daarmee draai sy om en weg van die bolwerke af.

Hy kyk haar agterna, en draai dan terug en kyk uit oor sy hof. Sy was reg; sy was altyd reg. Hy wou dit geniet. Hy was lief vir sy oudste dogter, en dit was wel ‘n troue. Dit was die mooiste dag in die mooiste tyd van die jaar, lente in sy glorie, met die somer luierend, die twee sonne perfek, bome oral gevul met ‘n wye verskeidenhheid van kleurryke pink, pers, oranje en wit bloeisels.

Daar was niks wat hy graagter wou he as om af te gaan en by sy manne te sit, kyk hoe sy dogter trou, en liters bier drink tot hy nie meer kon nie. Maar, hy kon nie. Hy het ‘n lang lys pligte voor hy uit sy kasteel kon stap. Buitendien, die huweliksdag van ‘n dogter beteken verpligtinge vir ‘n koning: hy moet ‘n ontmoeting hê met sy raad; met sy kinders; en ‘n lang lys versoekers wat die reg het om die Koning te sien op hierdie dag. Hy sal gelukkig wees indien hy sy kasteel in tyd kan verlaat vir die sonondergangs seremonie.

*

MacGil, uitgevat in sy beste koninklike uitrusting, swart fluweel broek, ‘n goue gordel, ‘n koniklike mantel gemaak van die beste pers en goue sy, ‘n wit oorkleed, blink leer stewels wat opgaan tot by sy kuite, en met sy kroon---‘n swierige goue band met ‘n groot robyn in die middel---stap deur die kasteel gange, met knegte aan beide kante. Hy stap deur een vertrek na die ander laer af van die borswering, deur sy koniklike kamers, deur die geboogde gang, met die hoe plafonne en rye gevlekte glas. Uiteindelik bereik hy ‘n antieke eikehout deur, so dik soos ‘n boomstam, wat sy knegte oopmaak sodat hy kan binne gaan. Die Troon Kamer.

Sy raadgewers staan op aandag waneer MacGil binnekom en die deur agter hom toeslaan.

“Sit,” sê hy, meer kortaf as gewoontlik. Hy was moeg, veral op die dag, van al die eindelose formaliteite om die koninkryk te beheer, en wil dit verby kry.

Hy stap deur die Troon Kamer, wat nooit ophou om hom te beïndruk nie. Die plafonne rys vyftig meter hoog, die hele een muur ‘n vol paneel van gevlekte glas, die vloere en mure gemaak van klip wat ‘n meter dik is. Die kamer kon maklik ‘n honderd hoogeplaastes hanteer. Maar op dae soos vandag, waneer sy raad vergarder, was dit slegs hy en sy handvol raadgewers in die spelonkagtige montuur.

Met ‘n windmakerige stap gaan hy deur die opening, deur die middle af, reguit na sy troon. Hy klim teen die troon trappe op, verby die gekerfte goue leeus, en sak terug op die rooi fluweel kussing wat sy troon belyn, wat net betaan uit goud. Sy pa het op hierdie troon gesit, soos sy pa voor hom, en al die MacGils voor hom. Toe hy gaan sit, voel MacGil die gewig van sy voorvaders—van al die generasies—op hom toesak.

Hy doen ‘n opname van die raadgewers in die teenwoordigheid. Daar was Brom, sy grootste generaal en sy raadgewer op militêre sake; Kolk, die general van die seuns se Legioen; Aberthol, die oudste van die spul, ‘n leermeester en historikus, die mentor van konings deur drie generasies; Firth, sy raadgewer van binne sake van die hof, ‘n maêr mannetjie met kort, grys hare en uitgeholde oë wat altyd dwartel. Frith was nie die tipe wat MacGil nog ooit vertrou het nie, en kon ook nooit sin maak omtrent sy titel nie. Maar sy pa, en sy pa voor hom, het ‘n raadgewer van binne hof sake gehad, so hy gaan daarmee aan uit respek vir hulle. Daar was Owen, sy tesourier; Bradaigh, sy raadgewer op buitelandse sake; Earnan, sy belasting vergaarder; Duwayne, sy raadgewer oor die massas; en Kelvin, die verteenwoordiger van die edeles.

Natuurlik het die Koning volmag gehad. Maar sy koninkryk was ‘n liberale een, en sy voorvaders het trots daarin geneem om die edeles toe te laat om ‘n sê te hê in sake, wat deur hulle verteenwoordiger deurgevoer word. Dit was histories ‘n ongemaklike magstryd tussen die koningskap en die edeles. Nou was daar harmonie, maar gedurende ander tye was daar opstande en magstryde tussen die edeles en die koninklikes. Dit was ‘n dun balans.

Terwyl sy oë oor die kamer gaan, let hy op dat iemand nie teenwoordig was nie: die een man met wie hy die graagste wou praat---Argon. Soos gewoontlik, is sy kom en gaan onvoorspelbbaar. Dit het MacGil woedend gemaak, maar hy het geen keuse as om dit te aanvaar nie. Die maniere waarop Druide dinge doen was onverklaarbaar vir hom. Sonder hom daar, is MacGil selfs haastiger. Hy wou hierdeur kom, en by die duisend ander dinge uitkom voor die troue.

Die groep raadgewers sit voor hom om die half-sirkel tafel, uitgesprei met tien meter tussen elk, elkeen in ‘n stoel van antieke eikeboom met indrukwekkende uitgekerfte hout armleunings. “My Heer, as ek mag begin,” roep Owen uit.

“Jy mag. En hou dit kort. Ek het min tyd vandag.”

“Jou dogter sal vandag baie geskenke ontvang, wat ons hoop sal al haar koffers vul. Die duisende mense wat gaan eer betoon, wat persoonlik aan jou gaan geskenke bring, en ons bordele en taphuise gaan vul, gaan ons koffers ook vul. Nietemin gaan die voorbereings vir vandag se feesvieringe ook

‘n groot deel van ons koniklike skatkamer gebruik. Ek stem voor dat ons belasting van die mense verhoog en van die edeles. ‘n Eenmalige belasting, om alle druk te verminder van die geleentheid.

MacGil sien die kommer op sy tesourier se gelaat, en sy moed sak met die gedagte van die vermindering van die skate. Nietemin sal hy nie die belastings verhoog nie.

“Dit is beter om ‘n swak skatkamer te hê en lojale onderdane,” antwoord MacGil. “Ons rykdom kry ons deur die geluk van ons onderdane. Ons sal dit nie verhoog nie.”

“Maar my Heer, as ons nie---“

“Ek het klaar besluit. wat nog?”

Owen sak terug, bekaf.

“My koning,” sê Brom in sy diep stem. “Met u opdrag, het ons die meerderheid van ons magte in die hof geplaas vir vandag se gebeurtenis. Die vertoon van mag sal indrukwekkend wees. Maar ons is yl gesaai. As daar ‘n aanval elders in die koninkryk sou wees, sal ons kwesbaar wees.”

MacGil knik, en dink daaroor na.

“Ons vyande sal ons nie aanval terwyl ons hulle voed nie.”

Die mans lag.

“Enige nuus van die Hooglande af?”

“Daar is nog geen aktieviteit gerapporteer vir weke nie. Dit wil voorkom asof hulle die magte teruggetrek het in voorbereiding van die troue. Miskien is hulle gereed om vrede te maak.”

MacGil was nie so seker nie.

“Dit beteken dat die gereelde huwelik werk, of dat hulle ‘n aanval beplan vir ‘n ander geleentheid. En watter een dink jy is dit, ou man?” vra MacGil, terwyk hy na Aberthol draai.

Albertol maak sy keel skoon, sy stem soos ‘n rasper waneer hy praat: “My Heer, jou pa en sy pa voor hom het nog nooit die McClouds vertrou nie. Net omdat hulle slapend is, beteken nie dat hulle nie gaan wakker word nie.”

MacGil knik, hy waardeer die redenasie.

“En wat van die Legioen?” vra hy, terwyl hy na Kolk draai.

“Ons het vandag die nuwe rekrute verwelkom,” antwoord Kolk, met ‘n vinnige kopknik.

“Is my seun ook daar?” vra MacGil.

“Hy is trots tussen hulle, en dit is ‘n voortreflike seun.”

MacGil knik, draai dan na Bradaigh.

“En wat is die nuus van anderkant die aardtrog?”

“My Heer, ons partollies het weer pogings gesien om die aardtrog te oorkruis in die laaste weke. Daar mag tekens wees dat die Wilde besig is om te mobiliseer vir ‘n aanval.

‘n Gedempte gefluister versprei tussen die mans. MacGil voel hoe sy maag op ‘n knop trek met die gedagte. Die energie veld was ondeurdringbaar, nietemin, dit was nie ‘n goeie teken nie.

“En as daar ‘n volskaalse aanval sou wees?” vra hy.

“So lank as die skerm aktief is, het ons niks om te vrees nie. Die Wilde het nog nooit daarin geslaag om die aardtrog te oorkruis deur die eeue heen nie. Daar is geen rede om nou anders te dink nie.”

MacGil was nie so seker nie. ‘n Aanval van buite is al lank agterstallig, en hy kan help om te wonder waneer dit sou gebeur nie.

“My Heer,” sê Firth is sy nasale stem, “Ek voel verplig om by te voeg dat ons hof vandag gevul is met baie hooggeplaastes van die McCloud koninkryk. Dit sal gesien word as ‘n belediging indien jy hulle nie onthaal nie, of hulle nou teenstanders is of nie. Ek stel voor dat jy gedurende die middag ure elkeen van hulle groet. Hulle het ‘n groot gevolg saamgebring, baie geskenke---en, die woord is, baie spioene.”

“Wie sê nie die spioene is reeds hier nie?” vra MacGil terug, terwyl hy noukeurig Frith se reaksie dophou---terwyl hy soos altyd wonder, of hy nie dalk self een is nie.

Firth maak sy mond oop om te antwoord, maar MacGill sug en hou sy hand omhoog, hy het genoeg gehad. “As dit al is, gaan ek nou, om by my dogter se troue aan te sluit.”

“My Heer,” sê Kelvin, terwyl hy sy keel skoonmaak, “natuurlik, daar is nog een ding. Die tradisie, op jou dogter se troudag. Elke MacGil het ‘n opvolger benoem. Die mense sal verwag dat jy dieselfde doen. Hulle gons daaroor. Dit sal nie wys wees om hulle teleur te stel nie. Veral nie met die Bestemming Swaard wat nog steeds onbeweeglik is nie.”

“Wil jy hê dat ek my opvolger benoem terwyl ek nog in my fleur is?” vra MacGil.

“My Heer, ek bedoel geen aanstoot nie,” stamel Kelvin, tewyl hy bekommerd lyk.

MacGil hou sy hand omhoog. “Ek ken die tradisie. En Inderdaad, ek sal vandag een benoem.”

“Kan jy ons inlig wie dit sou wees?” vra Firth.

MacGil staar hom verergd aan. Firth was ‘n skindertong, en hy het die man nie vertrou nie.

“Julle sal die nuus hoor as die tyd aanbreek.”

MacGil staan op, en die ander saam met hom. Hulle buig, draai om, en haas uit die kamer uit.

MacGil staan en dink vir ‘n tydperk wat hy self nie eens weet hoe lank nie. Op dae soos vandag wens hy dat hy nie koning was nie.

*

MacGil klim van sy troon af, sy stewels eggo in die stilte, en loop deur die kamer. Hy maak self die antieke eike deur oop, pluk aan die staal handvatsel, en gaan by ‘n kant kamer in.

Hy geniet die stilte en vrede van hierdie knussige vertrek, soos altyd vantevore, die mure skaars twintig tree in elke rigting, maar nietemin met ‘n yslike hoë, geboogte plafon. Die vertrek is net uit klip gemaak, met ‘n klein ronde vlek-glas venstertjie op een muur. Die lig stroom in deur die glas se gele en rooi’s, in beligting van die enkele voorwerp in die andersins kaal vertrek.

Die Bestemming Swaard.

Daar is dit, in die middel van die vertrek, dit lê horisontaal op yster penne, soos ‘n verleidster. Soos hy van kleintyd af doen, loop MacGil nader aan dit, ondersoekend. Die Bestemming Swaard. Die swaard van legende, the oorsprong van die magte en kragte van sy hele koninkryk, van een generasie na die volgende. Wie ookal die krag het om die swaard op te lig sal die Verkose Een wees, die een wat bestem is om oor die koninkryk te heers vir lewenslank, om die koninkryk te bevry van alle bedreigings, binne en buite die Sirkel. Dit was ‘n fantastiese legende om mee op te groei, en so gou as wat hy as Koning aangestel was, het MacGil self probeer om die swaard te lig, aangesien net die MacGil konings mag probeer het. Die konings voor hom, almal van hulle, het ook gefaal. Hy was seker dat hy anders sou wees. Hy was seker dat hy Die Een sou wees.

Maar hy was verkeerd. Soos al die MacGil konings voor hom. En sy mislukking het ‘n klad gemaak op sy heerskappy van daardie tyd af.

Terwyl hy dit nou aanstaar, ondersoek hy die lang lem, wat gemaak is uit ‘n misterieuse metaal wat niemand nog ooit kon ontsyfer nie. Die oorsprong van die swaard was self meer obskuur, met gerugte dat dit opgestyg het uit die aarde ten midde van ‘n aardbewing.

Terwyl hy dit ondersoek, voel hy weereens die steek van mislukking. Hy mag dalk ‘n goeie koning wees, maar hy was nie Die Een nie. Sy mense het dit geweet. Sy vyande het dit geweet. Hy mag ‘n goeie koning wees, maar maak nie saak wat hy doen nie, hy sal nooit Die Een wees nie.

As dit hy was, vermoed hy sou daar minder onrus ten midde van sy hof gewees het, minder sameswerings. Sy eie mense sou meer vertroue in hom gehad het en sy vyande sou nooit eens ‘n aanval oorweeg het nie. ‘n Deel van hom wens dat die swaard net verdwyn, en die legende saam met dit. Maar hy weet dit sal nie. Dit was die vloek—en die mag---van ‘n legende. Sterker selfs, as ‘n hele weermag.

Terwyl hy dit aanstaar vir die duisendste keer, kon MacGil nie help om te wonder wie dit sou wees nie. Wie in sy bloedlyn sal bestem wees om dit te swaai? Terwyl hy dink aan wat voorlê, sy plig om sy opvolger te benoem, wonder hy wie, indien enige, bestem sal wees om dit uit te lig.

“Dit is die gewig van die lem wat swaar is,” kom ‘n stem.

McGil tol om, verras om geselskap te hê in die klein vertrekkie.

Daar, in die deuropening, staan Argon. MacGil het die stem herken voor hy hom gewaar het en was geïriteerd omdat hy nie vroeër opgedaag het nie, maar terselfdertyd bly dat hy nou hier was.

"Jy is laat." sê MacGil.

"Jou sin van tyd is nie op betrekking van my nie," antwoord Argon.

MacGil draai terug na die swaard.

"Het jy ooit gedink ek sou dit kon uitlig?" vra hy in nadenking. "Die dag toe ek Koning geword het?"

"Nee," Antwoord Argon hom plat-weg.

MacGil draai om en staar hom aan.

"Jy het geweet ek sou nie kon nie.Jy het dit gesien, het jy nie?"

"Ja."

MacGil dink daaroor na.

"Dit maak my bang wanneer jy my so direk antwoord. Dit is nie hoe jy is nie."

Argon bly stil, en uiteindelik besef MacGil dat hy niks meer sou sê nie.

"Ek benoem my opvolger vandag," sê MacGil. "Dit voel nutteloos, om 'n opvolger te benoem vandag. Dit vat die vreugde weg van 'n koning om sy kind se troue te geniet."

"Miskien is sulke vreugde bedoel om gedemper te word."

"Maar ek het dan soveel jare oor om te heers." Kom dit pleitend van MacGil.

"Miskien nie soveel as wat jy dink nie," Antwoord Argon.

MacGil se oë vernou en hy wonder. Was dit 'n boodskap?

Maar Argon sê niks verder nie.

"Ses kinders. Wie moet ek kies?" vra MacGil.

"Hoekom vra jy my? Jy het alreeds jou keuse gemaak."

MacGil kyk na hom. "Jy sien baie. Ja, ek het. Maar ek wil steeds weet wat jy dink."

"Ek dink jy het 'n wyse keuse gemaak," sê Argon. "Maar onthou: 'n koning kan nie heers vanuit sy graf nie. Maak nie saak wie jy dink jy het gekies nie, die noodlot het 'n manier om self te kies."

"Sal ek leef, Argon?" vra MacGil ernstig, hy vra die vraag wat hy wou vra sedert hy gisteraand wakker geword het van 'n skrikwekkende nagmerrie.

"Ek het gisteraand van 'n kraai gedroom," voeg hy by. "Dit het gekom en my kroon gesteel. Toe het 'n ander een gekom en my weggedra. Soos hy dit gedoen het, het ek my koninkryk uitgespei onder my gesien. Dit het swarter geword soos ons beweeg. Bar. 'n Vervalle woestyn."

Hy kyk op na Argon, sy oë watering.

"Was dit 'n droom? Of iets meer?"

"Drome het altyd meer betekenis, nie waar nie?" vra Argon.

MacGil voel hoe hy getref word met 'n sinkende gevoel.

"Waar is die gevaar? Vertel my net dit."

Argon stap nader en staar in sy oë met diep intensiteit, soveel so dat MacGil voel asof hy in 'n ander wêreld inkyk.

Argon leun vorentoe, fluisterend:

"Altyd nader as wat jy dink."

# HOOFSTUK VIER

Thor versteek homself in die hooi agter op ‘n wa terwyl dit pad af stoei op die landelike pad. Hy het sy weg gebaan na die pad gedurende die aand en ongeduldig gewag vir ‘n wa wat groot genoeg is sodat hy nie opgemerk word nie. Dit was toe reeds donker en die wa het stadig genoeg beweeg sodat hy kon spoed vang en agterop spring. Hy het binne-in die hooi beland en homself goed begrawe. Gelukkig het die bestuurder niks opgemerk nie. Thor was nie seker of die wa wel na die Koning’s Hof toe gaan nie, maar dit het in daardie rigting beweeg, en ‘n wa van dié grootte, en met dié merke, kon nie juis iewers anders oppad wees nie.

Terwyl Thor dwarsdeur die nag ry, bly hy wakker vir ure, hy dink na oor sy ontmoeting met die Sybold. En met Argon. Aan sy bestemming. Aan sy vorige tuiste, Sy moeder. Hy voel dat die heelal hom geantwoord het, hom vertel het dat hy ‘n ander bestemming het. Hy lê daar met sy hande gekruis agter sy kop, en staar op na die stêr belaaide naghemel, sigbaar deur die verflenterde seil. Hy kyk na die hemelruim, so helder, diie rooi sterre ver weg. Hy was opgewonde. Vir die eerste keer in sy lewe, was hy op ‘n reis. Hy weet nie waarheen nie, maar hy gaan. Een of ander manier gaan hy sy weg baan na die Koning’s Hof.

Wanneer Thor sy oë oopmaak, is dit oggend, die lig stroom deur, en hy besef hy het aan die slaap geraak. Hy sit vining orent, kyk om hom heen, baklei met himself omdat hy geslaap het. Hy moes meer versigtig wees---hy was gelukkig da thy nie ontdek was nie.

Die wa beweeg steeds, maar het nie meer so erg geskud nie. Dit kan net een ding beteken: ‘n beter pad. Hulle moet naby ‘n stad wees. Thor kyk af en sien hoe glad die pad was, geen rotse, slote, en bedek met fyn wit skulpies. Sy hart klop vinniger; hulle nader die Koning’s Hof.

Thor kyk agter by die wa uit en was oorweldig. Die onbesrispelike strate was belaai met aktiwiteit. Dosyne waens, van alle vorms and grotes en gelaai met allerhande goed, vul die strate. Een was belaai met pelse, n ander met matte, en ‘n ander met hoenders. Tussen hulle loop honderde verkopers, party lei beeste, ander dra mandjies bo-op hulle koppe. Vier mans dra ‘n bondel sy, terwyl dit gebalanseer is op pale. Daar was ‘n magdom mense, almal beweeg in dieselfde rigting.

Hy hoor ‘n harde geraas, die kruin van kettings, die kap van ‘n groot stuk hout, so sterk dat die aarde skud. Oomblike later kom ‘n ander geluid, van perdepote wat klik op hout. hy kyk af en besef hulle is besig om ‘n brug oor te steek; onder hulle is ‘n sloot. ‘n Valbrug.

Thor steek sy kop uit en sien die massiewe steen pilare, die gespeekte staal hek bokant hom. Hulle gaan deur die Koning se Hek.

Dit was die grootste hek wat hy nog ooit gesien het. Hy kyk na die speke, verwonderend dat indien hulle sou afkom, dit hom middeldeur sou sny. Hy merk vier van die Koning se Silwer op waar hulle die ingang bewaak, en sy hart klop vinniger.

Hulle gaan deur ‘n lang klip tonnel, en oomblikke later is die lug weer helder bo. Hulle was binne die Koning’s Hof.

Thor kon dit skaars glo. Daar was selfs meet aktiwiteit hier, indien moontlik---dit lyk soos duisende mense, almal malend in ‘n ander rigting. Daar was groot grasvelde, perfek gesny, met blomme wat oral bloei. Die pad word brëer, en aan die kante was stalletjies, verkopers en klip geboue. En tussen dit alles deur, die Koning se manne. Soldate, uitgerus in hulle wapenrustings. Thor is daar.

In sy opgewondenheid, gaan staan hy onwetend op; en terwyl hy opkom, op daardie oomblik stop die wa skielik, hy tuimel agteroor en val op sy rug in die strooi. Voor hy weer kon opkom, was daar ‘n geluid soos hout wat gesak word, en hy kyk op en sien ‘n kwaai ou man, bles, aangetrek in vodde en fronsend. Hy reik na binne, gryp Thor aan die enkels met sy benerige hande, en sleep hom uit.

Thor trek deur die lug, beland hard op sy rug in die grondpad, ‘n stofwolk om hom. Almal lag rondom hom.

"As jy weer op my wa ry, seun, kry jy boeie! Jy is gelukkig dat ek nie nou die Silwer ontbied nie!"

Die ou man draai om en spoeg, haas terug na sy wa en jag sy perde voort.

Skaam, kom Thor tot verhaal en staan op. Hy kyk om hom. Een of twee verbygangers giggel, maar Thor gluur hulle aan totdat hulle wegkyk. Hy vee die stof af en vryf sy arms; sy trots was gekrenk, maar nie sy lyf nie.

Hy herwin sy gees terwyl hy rond kyk, betower, en kom tot die besef dat hy dankbaar moet wees dat hy dit immers tot hier gemaak het. Noudat hy uit die wa was, kon hy vrylik rondkyk, en wat 'n buitengewone gesig was dit nie: die hof strek so ver as wat die oog kon sien. In die middel was 'n ongelooflike klip paleis, omring deur toringende, verskansde klip mure bekroon met bolwerke, en daar bo-op, oral patrolleer die Koning se weermag. Oral om hom was groen velde, perfek onderhou, klip plazas, fonteine, boom boorde. Dit was 'n stad. En dit het oorstroom met mense.

Oral stroom alle soorte mense--- handelaars, soldate, hooggeplaastes---almal haastig. Dit neem Thor 'n paar minute om tot die besef te kom dat daar iets spesiaal gaan gebeur. Terwyl hy aan drentel, sien hy voorbereidings---stoele wat reggesit word, 'n altaar opgeslaan. Dit lyk asof hulle besig is om vir 'n troue voor te berei. Sy hart mis 'n slag waneer hy in die verte, n toernooi laan sien, met sy lang grond pad en halverings tou. Op 'n ander veld sien hy soldate wat hulle spiese gooi na teikens ver weg; op 'n ander sien hy boogskutters mik na strooi. Daar was ook musiek: harpe en fluite en simbale, menigte musikante want rond dwaal; en wyn, massiewe vate wat uitgerol word; en kos, die tafels besig om voor berei te word, feeste wat strek so ver as wat die oog kan sien, Dit was asof hy in die middel van 'n groot viering aangekom het.

So betowerend as wat alles was, voel Thor 'n dringendheid om die Legioen te vind. Hy was reeds laat, en hy moet himself nou gaan voorstel.

Hy haas hom na die eerste person wat hy sien, 'n ouer man, soos dit voorkom aan sy bloed-bevlekte hemp, 'n slagter mag wees, wat pad af haas. Almal hier was haastig.

"Verskoon my, meneer," sê Thor, terwyl hy die man se arm gryp. Die man kyk neerhalend af na Thor se hand.

"Wat is dit, seun?"

"Ek is opsoek na die Koning se Legioen. Weet jy waar kry hulle opleiding?" "Lyk ek vir jou soos n padkaart?" sis die man, en storm weg. Thor was stomgeslaan deur sy ongeskikdheid. Hy haas na die volgende person wat hy sien, 'n vrou wat besig is om deeg te knie op 'n lang tafel. Daar was veskeie vroue by die tafel, almal druk besig, en Thor reken dat een van hulle behoort te weet.

"Verskoon my, juffrou," praat hy. "Weet jy waar die Koning se Legioen opleiding kry?" Hulle kyk na mekaar en giggel, sommige van hulle nie veel ouer as hy nie.

Die oudste een draai en kyk na hom.

"Jy kyk op die verkeerde plek," sê sy. "Hier is ons besig met voorbereidings vir die feesvieringe."

"Maar daar is vir my gesê dat hulle in Koning's Hof oplei," sê Thor, deurmekaar.

Die vrouens lag weer. Die oudste sit haar hande op haar heupe en skud haar kop. "Jy tree op asof jy vir die eerste keer in Koning's Hof is. Het jy enige idee hoe groot dit is?" Thor word rooi as die ander vrouens lag, dan storm hy weg. Hy het nie daarvan gehou as mense 'n bespotting van hom maak nie.

Voor hom sien hy 'n dosyn paaie, kronkelend and draaiend in alle rigtings deur die Koning se Hof. Uitgebrei in die klip mure was ten minste 'n dosyn ingange. Die grote en omtrek van die plek was oorweldigend. Hy kry 'n sinkende gevoel da thy sou soek vir dae en steeds niks vind nie.

Dan kry hy 'n idee: 'n soldaat sal vesreker weet waar die ander opgelei word. Hy was senuweeagtig om 'n regte Konings soldaat te nader, maar besef dat hy moet.

Hy draai om en haas na die muur, na die soldaat wat wagstaan by die naaste ingang, hopend dat hy hom nie sal uitgooi nie. Die soldaat staan penporent, en kyk reguit vorentoe. “Ek is opsoek na die Koning se Legioen,” sê Thor, in sy braafste stem.

Die soldaat staar steeds voor hom, en ignoreer hom.

“Ek sê ek is op soek na die Koning se Legioen!” dring Thor aan, harder, vasbeslote om van notisie geneem te word.

Na etlike sekondes, kyk die soldaat af, smalend.

“Kan jy my sê waar dit is?” druk Thor voort.

“En wat is jou besigheid met hulle?”

“Baie belangrike besigheid,” sê Thor, hopend dat die soldaat hom nie daarop druk nie.

Die soldaat draai weer terug na sy posisie om vorentoe te kyk en ignoreer hom weer. Thor voel sy hart sak, bevrees dat hy nooit ‘n antwoord sal ontvang nie.

Maar na wat soos ‘n ewigheid gevoel het, antwoord die soldaat: “Vat die ooselike hek, dan gaan in ‘n noordelike rigting so ver as wat jy kan. Vat dan die derde hek aan die linkerkant, dan met die vurk regs, en weer regs met die vurk daarna. Dan gaan jy deur die tweede klip boog, en hulle grond is anderkant die hek. Maar ek vertel jou, jy mors jou tyd. Hulle vermaak nie besoekers nie.”

Dit was al wat Thor wou hoor. Sonder om ‘n slag te mis, draai hy om en hardloop oor die veld, hy volg die aanwysings, herhaal dit in sy kop, probeer om dit te memoriseer. Hy let op dat die son hoer is in die lug, en bid dat wanneer hy daar aankom, dit nie alreeds te laat sal wees nie.

*

Thor naêl oor die onberispelike, skulp-bestrooide paadjies, kronkelend en draaiend baan hy sy weg deur die Konings Hof. Hy probeer sy bes om die aanwysings te volg, en hoop hy is nie op ‘n dwaalspoor gestuur nie. Aan die ver punt van die binnehof, sien hy al die hekke en kies die derde een. Hy hardloop deur en volg die vurke, draai af paadjie na paadjie. Hy hardloop teen die verkeer, duisende mense wat by die stad instroom, die skares word digter by die minuut. Hy skuur skouers met harp spelers, jongleurs, hofnarre, en alle soorte vermakers, almal uitgevat in fyn drag.

Thor kon nie die gedagte verduur dat die seleksie sonder hom begin nie, en probeer sy bes om te konsentreer as hy draai van een pad na die ander, op die uitkyk na enige teken van die opleidings gronde. Hy gaan deur ‘n boog, draai af in ‘n ander pad, en dan in die verte, sien hy wat net sy bestemming kon wees: ‘n klein kolosseum, ‘n steen gebou wat in ‘n perfekte sirkel gebou is. Soldate staan wag by die massiewe hek in die middel. Thor hoor die gedempte juiging agter die nure en sy hartklop versnel. Dit was die plek.

Hy hardloop vinnig, sy longe wil bars. Toe hy die hek bereik, beweeg die twee wagte vorentoe en laat sak hulle lanse, en blokkeer hom. ‘n Derde wag stap na vore en hou sy hand orent.

“Stop daar,” beveel hy.

Thor stop, uitasem, hy kon skaars sy opgewondenheid bedwing.

“Julle… verstaan…nie,” blaas hy, met die woorde tuimelend tussen asemteue, “Ek moet binne wees. Ek is laat.”

“Laat waarvoor?”

“Die seleksie.”

Die wag, ‘n kort, swaar man met ‘n pokgemerkte vel, draai om en kyk na die ander, wat sinies terug staar. Hy draai om en hou Thor met ‘n neerhalende kyk dop.

“Die rekrute was ure gelede hier in, met die koninklike vervoer. As jy nie genooi was nie, mag jy nie binne kom nie.”

“Maar jy verstaan nie. Ek moet---“

Die wag reik uit en gryp Thor aan sy hemp.

“Jy verstaan nie, jou dwase klein seuntjie. Hoe durf jy dit waag om hierheen te kom en jou weg hier te probeer in forseer? Nou gaan weg—voor ek boeie aan jou sit.” Hy stamp Thor weg, en hy strompel ‘n paar meter agteruit. Thor voel die brand van die wag se hand op sy bors---maar meer as

dit, voel hy die brand van verwerping. Hy was verontwaardig. Hy het nie al die pad hierheen gekom om weggestuur te word deur 'n wag, voordat hy enigiemand kon sien nie. Hy was vasbeslote om in te kom. Die wag draai terug na sy manne, en Thor stap stadig weg, en loop kloksgewys om die ronde gebou. Hy het 'n plan. Hy loop totdat hy buite sig is, en begin draf, skelm baan hy sy weg teen die mure langs. Hy het seker gemaak dat die wagte nie kyk nie, en tel spoed op totdat hy vining hardloop. Toe hy halfpad om die gebou is, sien hy 'n ander opening na die arena---hoog bo was geboogte opening in die klip, geblokkeer met dik staal pype. In een van hierdie openinge was die staal pype vermis. Hy hoor 'n ander brul, lig himself op die rand, en kyk.

Sy hartklop versnel. Uitgesprei binne die massiewe, ronde opleiding grond was dosyne rekrute---sy broers ingesluit. In 'n ry, staan hulle voor 'n dosyn van die Silwer. Die Koning se manne loop in hulle midde, besig om hulle op te som.

Nog 'n groep rekrute staan eenkant, onder die waaksame oog van 'n soldaat, gooi hulle spiese na 'n veraf teiken. Een van hulle gooi mis.

Thor se are brand van verontwaarding. Hy sou daardie teikens geraak het, hy was net so goed soos enigeen van hulle. Net omdat hy jonger was, 'n bietjie kleiner was, dit was nie regverdig dat hy uitgelaat was nie.

Skielik voel Thor 'n hand op sy rug en hy word terug geruk en vlieg deur die lug. Hy beland hard op die grond, winduit.

Hy kyk op en sien dit is die wag van die hek, wat smalend op hom neerkyk.

"Wat het ek vir jou gesê, seun?"

Voor hy iets kon doen, trek die wag los en skop Thor hard. Thor voel die skerp hou in sy ribbes, terwyl die wag terug trek vir 'n tweede skop.

Hierdie keer, gryp Thor die wag se voet terwyl hy halfpad in die lug is; hy ruk, gooi die wag van balans af en hy val.

Thor kom vining terug op sy voete. Terselfertyd, kom die wag ook orent. Thor staar na hom, geskok deur wat hy sopas gedoen het. Oorkant hom is die wag briesend.

"Ek gaan jou nie net boei nie," sis die wag, "maar ek gaan jou laat boet. Niemand raak aan 'n Koning se wag nie! Vergeet daarvan om by die Legioen aan te sluit--- nou gaan jy tot niet gaan in die kerker. Jy sal gelukkig wees as jy ooit weer gesien word!"

Die wag trek aan 'n ketting met 'n boei aan die einde. Hy kom nader aan Thor, wraak op sy gesig.

Thor se gedagtes jaag. Hy kon nie toelaat dat hy geboei word nie---nietemin wil hy nie 'n lid van die Koning se Wagte seermaak nie. Hy moet aan iets dink—en vinnig ook.

Hy onthou sy slinger. Sy refleksies nee moor as hy dit gryp, 'n klip insit, mik, en dit laat vlieg.

Die klip trek deur die lug en slaan die boeie uit die hande van die stomgeslaande wag; dit tref ook die wag se vingers. Die wag trek sy hand terug en skud sy hand, roep uit in pyn, terwyl die boeie op die grond neer kletter.

Die wag gee vir Thor 'n kyk wat dood beteken, en trek sy swaard uit sy skede. Dit kom uit met 'n kenmerkende, metaal klank.

"Dit was jou laaste fout," dreig hy gevaarlik, en storm.

Thor het nie 'n keuse nie; die man wil hom eenvoudig net nie uitlos nie. Hy sit 'n ander klip in sy slinger en gooi. Hy mik doelbewus---hy wou nie die wag doodmaak nie, maar moes hom keer. In plaas daarvan om te mik vir sy hart, neus, oog, of kop, mik Thor na die een plek wat hy weet die man sal stop, maar nie dood maak nie.

Tussen die wag se bene.

Hy laat die klip vlieg---nie teen volle krag nie, net genoeg om die man neer te laat.

Dit was 'n perfekte skoot.

Die wag buig dubbel, laat val sy swaard, gryp sy lies as hy op die grond neerval en in 'n bal opkrul.

"Jy sal hang hiervoor!" hy grom tussen die pyn kreune deur. "Wagte! Wagte!"

Thor kyk op en sien van ‘n afstand hoe etlike van die Koning se wagte nader hardloop.

Dit was nou of nooit.

Sonder om nog ‘n oomblik te mors, hardloop hy na die venster bank. Hy sou moes deur spring, in die arena in, en mense van hom bewus maak. En hy is bereid om met enigiemand wat in sy pad staan, te veg.

# HOOFSTUK VYF

MacGil sit in die boonste saal van sy kasteel, in sy intieme ontmoetings saal, die een wat hy gebruik vir persoonlike sake. Hy sit op sy intieme troon, die een is uit hout gekerf, en kyk na vier van sy kinders wat voor hom staan. Daar was sy oudste seun, Kendrick, op vyf en twintg jaar is hy ‘n goeie vegter en ware heer. Dit was hy, uit all sy kinders, wat die meeste soos MacGil was--- wat ironies was, aangesien hy buite-egtelik was, Macgil se enigste oortreding by ‘n ander vrou, ‘n vrou wat hy lank reeds vergeet het. MacGil het Kendrick grootgemaak met sy ander kinders, ten spyte van sy Koningin se aanvanklike protesteering, op die kondisie dat hy nooit die troon mag bestyg nie. Dit is nou pynlik vir MacGil, aangesien Kendrick die beste man was wat hy nog ooit geken het, ‘n seun waarop hy trots is. Daar kon nie ‘n beter opvolger wees vir die koninkryk nie.

Langs hom, in skrille kontras, staan sy tweede-gebore seun---nietemin sy eersgebore wettige seun---Gareth, drie en twintig, maer, met uitgeholde wange en groot bruin oë, wat altyd rond flits. Sy karakter kon nie meer anders wees as sy ouer broer sin nie. Garteh se heaaardheid was alles wat Kendrick s’n nie was nie: waar sy broer reguit was, het Gareth sy gevoelens versteek; was sy broer trots en eerbaar was, was Gareth oneerlik en bedrieglik. Dit was vir MacGil pynlik om nie van sy eie seun te hou nie, en hy het baie keer probeer om die kind se geaardheid te verander; maar gedurende ‘n tydperk in die seun se tiener jare, het hy desef dat sy geaardheid voorafbestem was; skelm, mag-soekend en ambisieus in alle verkeerde sin van die woord. Gareth, dit weet MacGil, hou niks van vrouens nie, en het al baie manlike minnaars gehad. Ander konings sou so ‘n seun verwerp het, maar MacGil was meer wêreldswys, en vir hom was dit nie ‘n verskoning om nie vir hom lief te wees nie. Hy het hom nie daaroor geoordeel nie. Waarvoor hy hom wel veroordeel was vir sy donker, skelm geaardheid, wat iets was wat hy nie kon oorsien nie.

Langs Gareth staan MacGil se tweede-gebore dogter, Gwendolyn. Sy het sopas sestien geword, en was een van die mooiste meisies wat MacGil nog ooit gesien het--- met ‘n geaardheid wat selfs haar skoonheid oortref het. Sy was saggeaard, vrygewig en eerlik---die beste jong meisie wat hy ooit geken het. In hierdie opsig was sy baie soos Kendrick. Sy kyk na Macgil met ‘n dogter se liefde vir ‘n pa, en hy het nog altyd haar lojaliteit aangevoel met elke kyk. Hy was selfs nog trotser op haar as op sy seuns.

Langs Gwendolyn staan MacGil se jongste seun, Reece, ‘n trotse en begeesterde jong mannetjie, wie op veertien, nou eers besig was om man te word. MacGil het met groot plesier sy inisiasie dopgehou met die opname vir die Legioen, en kon alreeds die man sien wat hy eendag gaan word. Eendag, daaraan het MacGil geen twyfel nie, sal Reece sy beste seun wees, en ‘n goeie heerser. Maar daardie dag was nie nou nie. Hy was nog te jonk, en het nog baie om te leer.

MacGil het gemengde gevoelens as hy hierdie vier kinders bestudeer, sy drie seuns en sy dogter, wat voor hom staan. Hy voel trots gemeng met teleurstelling. Hy voel ook woede en ergenis, vir die twee kinder swat nie daar was nie. Die oudste, sy dogter Luanda, was natuurlik besig om voor te berei vir haar eie troudag, en aangesien sy in ‘n ander koninkryk gaan introu, het sy geen belang in die deelname om oor opvolgers te praat nie. Maar sy ander seun, Godfrey, op agtien, die middelste kind, was nie teenwoordig nie. MacGil word rooi van die vernedering.

Vandat hy ‘n jong seun was, het Godfrey groot disrespek getoon teenoor die koningskap; dit was altyd duidelik dat hy nie daarin belang gestel het nie en ook nooit sal heers nie. En MacGil se grootste teleurstelling, Godfrey het verkies om sy dae te verwyl in die bierhuise met ongelowige vriende, en altyd vir die koninklike familie groeiende skande en on-eer besorg. Aan die een kant, was MacGil verlig dat hy nie daar was nie, maar aan die ander kant was dit ‘n belediging wat hy nie kon verduur nie. In teendeel, was dit iets wat hy verwag het, en het reeds sy manne uitgestuur om die bierhuise te fynkam en hom hierheen te bring. MacGil sit in stilte, wag, tot hulle kom.

Die swaar eike deur gaan oop en die koninklike wagte masjeer in terwyl hulle Godfrey tussen hulle sleep. Hulle gee hom ‘n stoot, en Godfrey strompel die kamer binne wanner hulle die deur agter hom toeklap.

Sy broers en suster draai om en staar. Godfrey was slordig, stink na bier, ongeskeer, en half-aangetrek. Hy glimlag vir hulle. Onbeskaamd. Soos altyd.

“Hallo, Pa,” sê Godfrey. “Het ek al die pret gemis?”

“Jy sal saam met jou broers en suster staan en vir my wag om te praat. As jy nie, God moet my help, ek sal jou vasketting in die kerker met die res van die gewone gevangenes, en jy sal nie kos kry nie---nog minder bier---vir drie volle dae.”

Uitdagend, gluur Godfrey terug na sy pa. In daardie staar, tel MacGil ‘n diep bron van krag op, iets van homself, iets wat Godfrey eendag in die toekoms goed te staan mag kom. Bygesê, as hy ooit oor sy eie persoonlikheid kon kom.

Opstandig tot die bitter einde, wag Godfrey ‘n goeie tien sekondes voor hy uiteindelik toegee en na die ander toe slenter.

MacGil bestuudeer hierdie vyf kinders wat voor hom staan: die buite-egtelike, die afwykende, die dronklap, sy dogter, en sy jongste. Dit was ‘n vreemde mengsel, en hy kon skaars glo dat hulle van hom afkomstig was. En nou, op sy oudste dogter se troudag, het die taak op hom gerus om ‘n opvolger te kies uit die spul uit. Hoe was dit moontlik?

Dit was ‘n uitvoering van nutteloosheid; buitendien, hy was in sy fleur en kon nog heers vir ‘n verdere dertig jaar. Die opvolger wat hy nou kies, mag dalk nooit eers die troon bestyg vir dekades nie. Die hele tradisie steek hom dwars in die krop. Dit kon dalk relevant gewees het gedurende sy voorvaders se bewind, maar nie nou nie.

Hy maak sy keel skoon.

“Ons is vandag hier vergader oor ‘n erlating van tradisie. Soos julle weet, op hierdie dag, die dag van my oudste se troue, moet ek my opvolger benoem. ‘n Erfgenaam om oor die koninkryk te heers. Sou ek tot sterwe kom, is daar niemand beter om te heers as julle ma nie. Maar ons koninkryk se wet dikteer dat net ‘n koning mag regeer. Daarom, moet ek ‘n keuse maak.

MacGil skep asem, en dink. ‘n Swaar stilte hang in die lug, en hy kan die gewig van afwagting aanvoel. Hy kyk in hulle oë, en sien verskillende uitdrukkings in elkeen. Die buite-egtelike lyk aanvaarbaar, hy weet hy gaan nie gekies word nie. Die afwykende se oë was gloeiend met ambisie, asof hy as vanselfsprekend aanvaar dat di thy gaan wees. Die dronklap kyk by die venster uit, hy het nie omgegee nie. Sy dogter kyk liefdevol na hom, sy weet sy is nie deel van die bespreking nie, maar is nietemin lief vir haar pa. Dieselfde met sy jongste.

“Kendrick, ek het jou nog altyd gesien as ‘n ware seun. Maar die wette van ons koninkryk verbied my om die koningskap oor te dra aan enigeen wat nie volwaardig is nie.” Kendrick buig. “Vader, ek het nie verwag dat u dit sou doen nie. Ek is tevrede met my lot. Moet asseblief nie dat dit u volter nie.”

MacGil was geraak deur sy antwoord, aangesien hy kon aanvoel hoe opreg hy was en wou hom net nog graagter die opvolger maak.

“Dit laat die vier van julle. Reece, jy is ‘n goeie jong man, die beste wat ek ooit gesien het. Maar jy is te jonk om deel te wees van die bespreking.”

“Ek het dit vermoed vader,” antwoord Reece, met ‘n geringe buiging.

“Godfrey, jy is een van my wettige seuns---nietemin verkies jy om jou dae te mors in die bierhuise, met die gemors. Jy het al die voordele in die lêwe ontvang, nietemin mors jy alles op. As ek een groot teleurstelling in my leeftyd gehad het, was dit jy.”

Godfrey gryns terug, skuif ongemaklik rond.

“Goed so, dan reken ek. ek is klaar hier, en sal maar teruggaan na die bierhuis, nie waar nie, vader?”

Met ‘n vinnige, spottende buig, draai Godfrey om en stap windmakerig deur die vertrek.

“Kom terug!” MacGil is kwaad. “NOU!”

Godfrey stap windmakerig voort, ignoreer sy pa. Hy kruis die kamer en trek die deur oop. Daar staan twee wagte.

MacGil kook van woede terwyl die wagte hom vraend aankyk.

Maar Godfrey het nie gewag nie; hy stoot sy pad verby hulle, en uit in die oop saal.

“Hou hom aan!” skree MacGil. “En hou hom weg van die Koningin af. Ek wil nie sy ma belas met die sig van hom op haar dogter se troudag nie.”

“Ja, my Heer,” antwoord hulle, maak die deur agter hulle toe as hulle hom vining agterna sit.

MacGil sit daar, haal swaar asem, rooi in die gesig, en prober kalmeer. Vir die duisendste keer wonder hy wat hy verkeerd gedoen het om so ‘n kind te verdien.

Hy kyk terug na sy oorblywende kinders. Die vier van hulle kyk terug, wagtend in die swaar stilte. MacGil haal diep asem, en prober focus.

“Dit laat net twee van julle,” gaan hy aan.”En uit hierdie twee, het ek ‘n opvolger gekies.”

MacGil draai na sy dogter.

“Gwendolyn, dit sal jy wees.”

Daar was ‘n snak in die vertrek; sy kinders blyk om almal geskok te wees, meeste van almal Gwendolyn.

“Het u reg gepraat, Vader?” vra Gareth. “Het u gesê Gwendolyn?”

“Vader, ek is geëerd,” sê Gwendolyn. “Maar ek kan nie aanvaar nie. Ek is ‘n vrou.”

“Dis waar, ‘n vrou het nog nooit op die troon van die MacGils gesit nie. Maar ek het besluit dat dit tyd is om tradisie te verander, Gwendolyn, jy het van die beste brein en gees as menige jong vrou wat ek nog ooit ontmoet het. Jy is jonk, maar as die Here behoed, sal ek nie binnekort sterf nie, en as die tyd aanbreek, sal jy wys genoeg wees om te regeer. Die koninkryk sal joune wees.”

“Maar Vader!” Gareth skreeu, sy gesig wasbleek.” Ek is die oudste wettige seun! Nog altyd, in die hele geskiedenis van die MacGils, het die koningskap na die oudste seun gegaan!”

“Ek is Koning,” antwoord MacGil donker, “en ek dikteer tradisie.”

“Maar dit is nie regverdig nie!” pleit Gareth, sy stem klaend.”Ek is veronderstel om Koning te wees. Nie my suster nie. Nie ‘n vrou nie!”

“Hou jou tong dop, seun!” skreeu MacGil woedend.”Durf jy my oordeel bevraagteken?”

“Ek word dus oorgesien vir ‘n vrou? Is di twat u van my dink?”

“Ek het my keuse gemaak,” sê MacGil. “Jy sal dit respekteer, en dienswillig navolg, soos elke ander onderdaan van my koninkryk. Nou mag julle almal my verlaat.”

Sy kinders buig hulle hoofed vining en haas uit die vertrek uit.

Maar Gareth stop by die deur, hy kan homself nie so ver bring om te gaan nie.

Hy draai terug, en alleen vat hy sy pa aan.

MacGil kon die teleustelling op sy gesig sien. Duidelik het hy verwag om benoem te word vandag. Meer nog: Hy wou dit hê. Desperaat. Dit verbaas macGil nie in die minste nie---en dit was presies waarom hy dit nie vir hom gegee het nie.

“Waarom haat u my, Vader?” vra hy.

“Ek haat jou nie. Ek dink net nie jy is geskik om my koninkryk te regeer nie.”

“En hoekom nie?” druk Gareth voort.

“Want dit is presies wat jy wil hê.”

Gareth se gesig raak al die skakerings van rooi. Duidelik, het MacGil hom insig gegee tot sy diepste wese. MacGil hou sy oë dop, sien hoe hulle brand met haat vir hom wat hy nooit gedink het moontlik was nie.

Sonder ‘n verdere woord, storm Gareth uit die vertrek en slaan die deur agter hom toe.

In die weergalmde eggo, sidder MacGil. Hy onthou sy seun se staar en het ‘n haat aangevoel, baie diep, dieper selfs as enige van sy vyande. Op daardie oomblik dink hy aan Argon, aan sy bekendmaking, van gevaar wat naby was.

Kon die gevaar so naby wees?

# HOOFSTUK SES

Thor naêl oor die groot veld van die arena, met al die spoed waaroor hy beskik. Agter hom hoor hy die voetspore van die Koning se wagte, kort op sy hakke. Hulle jaag hom oor die warm en stowwerige landskap, vloekend. Voor hom uitgestrek is die lede—en die nuwe rekrute---van die Legioen, dosyne seuns, dieselfde as hy, maar ouer en sterker. Hulle word opgelei en getoets in verskeie formasies, party gooi spies, ander gooi dolke, terwyl ander werk aan hulle lanse se greep. Hulle mik na vêraf teikens, en gooi selde mis. Dit was sy kompetisie, en hulle vertoon indrukwekkend.

Tussen hulle was dosyne regte ridders, lede van die Silwer, staande in ‘n half-sirkel en hou die aksie dop. Beoordelend. Besluit wie mag bly en wie word huistoe gestuur.

Thor het geweet hy moet homself bewys, hy moet hierdie mans beïndruk. Binne minute sal die wagte by hom wees, en as hy enige kans staan om hulle te beïndruk, was dit nou. Maar hoe? Sy verstand maal terwyl hy oor die binnehof hardloop, vasbeslote om nie weggewys te word nie.

Terwyl Thor hardloop, begin ander notisie neem. Party van die rekrute stop waarmee hulle besig was en draai om, en so ook sommige van die ridders. Binne oomblikke voel Thor al die aandag is op hom gevestig. Hulle lyk verbaas, en hy besef hulle wonder wie hy was, naêlend oor hulle gronde met drie van die Koning se wagte in tou. Dit was nie hoe hy ‘n induk wou skep nie. Sy lêwe lank, waneer hy gedroom het om by die Legioen aan te sluit, het hy dit nie afgespeel soos dit nou gebeur nie. Soos Thor hardloop, wonder hy wat om te doen, en skielik word dit duidelik. Een groot seun, ‘n rekruut, besluit self dat hy die ander gaan beïndruk, deur vir Thor te stop. Lank, gespierd, en bykans twee keer so groot as Thor, lig hy sy hout swaard om Thor se weg te blokkeer. Thor kon sien dat hy vasbeslote was om hom neer te trek, om ‘n gek van hom te maak voor almal, en daardeuur vir homself ‘n voorsprong gee oor die ander rekrute.

Dit laat Thor woedend.Thor het nie ‘n appeltjie te skil met die seun nie, en dit was nie sy geveg nie. Maar hy maak dit sy geveg, net om voordeel daaruit te trek.

Soos hy nader kom, kon Thor skaars glo hoe groot die seun is: hy toring bokand hom, frons af na hom met lokke dik swart hare wat oor sy voorkop val, met die grootste, vierkantigste ken wat Thor nog ooit gesien het. Hy kon nie sien hoe hy iets aan die seun kon doen nie.

Die seun storm op hom af met sy hout sward, en Thor besef as hy nie vinnig optree nie, sal hy uitgeslaan word.

Thor se refleksies tree in. Hy reik instinktief na sy slinger, trek terug en gooi ‘n klip na die seun se hand. Dit was raak en slaan die sward uit die seun se hand, net toe die seun sy hand ondertoe bring. Dit vlieg en die seun, skreeuend, gryp sy hand.

Thor mors nie tyd nie. Hy storm, trek voordeel uit die situasie, spring deur die lug, en skop die seun, plant sy twee voete vierkantig op die seun se bors. Maar die seun was so dik, dit was soos om ‘n dik eike boom te skop. Die seun strompel skaars ‘n duim agtertoe, terwyl Thor val voor die seun se voete.

Dit het niks goeds voorspel nie, dink Thor, waneer hy die grond tref met ‘n knal, sy ore fluitend. Thor prober om tot sy voete te kom, maar die seun is vinniger as hy. Hy reik na onder, gryp Thor aan sy rug, en gooi hom vliëend, gesig eerste, in die grond.

‘n Groep seuns vergader vinnig in ‘n kring rondom hulle en juig. Thor word rooi, verneder.

Thor draai om op te kom, maar die seun is te vinnig. Hy was reeds bo-op hom, pen hom vas. Voor Thor homself kon kry was dit ‘n stoeigeveg, en die seun se gewig was ongelooflik.

Thor kon die gedempte roepe van die ander rekrute hoor terwyl hulle ‘n kring vorm, skreeuend, angstig om bloed te sien. Die seun se gesig is boosaardig bokant hom, hy reik uit met sy duime en bring dit nader aan Thor se oë. Thor kon dit nie glo nie---dit kom voor asof die seun hom regtig wil seermaak. Wou hy regtig so graag die voordeel hê?

Op die laaste sekonde, rol Thor sy kop uit die pad, en die seun se hande vlieg verby, in die grond in. Thor gebruik die kans om onder hom uit te rol. Thor kom tot sy voete, en kyk vir die seun wat ook orent gekom het. Die seun storm en swaai na Thor se gesig, en toe Thor sak op die laaste sekonde, vlieg die lug verby hom, en hy besef as dit raak was, sou dit sy kakebeen gebreek het. Thor reik op en slaan die seun in die maag, maar dit doen skaars iets; dit was soos om ‘n boom te slaan. Voor Thor kan reageer, slaan die seun hom met die elmboog in die gesig.

Thor struikel terug, duislig. Dit was soos om met ‘n hamer geslaan te word, en sy ore tuit.

Terwyl hy struikel, probeer om sy asem terug te kry, storm die seun weer en skop Thor hard teen die bors. Thor vlieg agteruit en stort neer op sy rug teen die grond. Die ander seuns is juigend.

Thor, duiselig, probeer sit, maar die seun storm weer, swaai, en slaan hom weer, hard in die gesig, slaan hom weer plat teen die grond--- die keer vir goed.

Thor lê daar, hoor die gedempte juiging van die ander, proe die soutterige smaak van bloed wat uit sy neus stroom, en die rif in sy gesig. Hy kreun van die pyn. Hy kyk op en sien die groot seun omdraai en terug stap na sy vriende, reeds besig om sy oorwinning te vier.

Thor wou opgee. Die seun was reusagtig, om teen hom te baklei was nutteloos, en hy kon nie meer straf verduur nie. Maar iets binne hom stu hom voort. Hy kon nie verloor nie. Nie voor al hierdie mense nie.

Moenie opgee nie. Staan op. Staan op!

Thor skraap van iewers die krag bymekaar. Kreunend, rol hy om, kom hande viervoet en dan stadig tot op sy voete. Hy kyk na die seun, bloeiend, sy oë toegeswel, kon skaars sien, asem blaas, en lig sy vuiste.

Die massiewe senn draai om en staar Thor aan. Hy skud sy kop in ongeloof.

“Jy moes bly lê het, seun!” dreig hy, en begin aanstap na Thor.

“GENOEG!” skree ‘n stem. “Elden, staan terug!”

‘n Ridder kom na vore, tussen hulle, hou sy hand omhoog en keer Elden om nader aan Thor te kom. Die skare raak stil, almal kyk na die ridder; duidelik was dit ‘n man wat respek afdwing.

Thor kyk op, met groot ontsag vir die ridder se teenwoordigheid. Hy was in sy twintigs, lank, met breë skouers, vierkantige ken, met bruin, goed versorgde hare. Thor het onmiddelik van hom gehou. Sy eerste-klas wapens, maliekolder van gepoleerde silwer, wat bedek is met die koninklike merking: die valk embleem van die MacGil familie. Thor se keel is droog: hy was voor ‘n lid van die koninklike familie. Hy kon dit skaars glo.

“Verduidelik jouself, seun,” sê hy aan Thor. “Waarom het jy ongenooid by ons arena ingestorm?”

Voor Thor kan antwoord, is die drie lede van die Konings se wagte deur die sirkel. Die leier van die wagte, staan voor, asem wat jaag, met ‘n vingerwysing na Thor.

“Hy het ons bevel verontagsaam!” skreeu die wag. “Ek gaan hom boei en na die Koning se kerker neem!”

“Ek het niks verkeerd gedoen nie!” protesteer Thor.

“Nie?” skreeu die wag weer. “Storm ongenooid by die Koning se eiendom in?”

“Al wat ek wou hê was ‘n kans!” skreeu Thor, draai om, pleitend na die ridder voor hom, die lid van die koninklike familie. “Ek wou net ‘n kans hê om by die Legioen aan te sluit!”

“Die opleidings gronde is net vir genooides, seun,” kom ‘n growwe stem.

In die kring in kom ‘n vegter ingestap, in sy vyftigs, groot en vors met ‘n kaal kop, kort baard, met ‘n letsel wat oor sy neus strek. Dit lyk of hy ‘n professionele soldaat was sy lêwe lank---en aan al die merkings op sy wapenuitrusting, die goue speld op sy bors, lyk hy soos ‘n bevelvoerder. Thor se hartklop versnêl terwyl hy vir hom kyk: ‘n generaal.

“Ek was nie genooi nie, my Heer,” sê Thor. “Dit is waar. Maar dit is my lêwens droom om hier te wees. Ek wil net ‘n kans hê om te wys wat ek kan doen. Ek is net so goed as die rekrute.

Gee my net ‘n kans om dit te bewys. Asseblief. Om by die Legioen aan te sluit is al waaroor ek nog ooit gedroom het.”

“Die slagveld is nie vir dromers nie, seun,” kom die gowwe antwoord. “Dit is vir vegters. Daar is geen uitsonderings vir ons reëls nie: rekrute word gekies.”

Die generaal gee ‘n kopknik, en die Koning se wagte kom nader, die boeie uit.

# Конец ознакомительного фрагмента.

Текст предоставлен ООО «ЛитРес».

Прочитайте эту книгу целиком, купив полную легальную версию на ЛитРес.

Безопасно оплатить книгу можно банковской картой Visa, MasterCard, Maestro, со счета мобильного телефона, с платежного терминала, в салоне МТС или Связной, через PayPal, WebMoney, Яндекс.Деньги, QIWI Кошелек, бонусными картами или другим удобным Вам способом.